

DIE WAARDEBEGRIIP

IN DIE EKONOMIE.

DIE WAARDEBEGRIP IN DIE EKONOMIE.

deur

Petrus Daniel Francois Strydom, Honns.- B.Comm.

Skripsie aangebied vir gedeeltelike voldoening aan
 die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII (TEORETIESE EKONOMIE)

aan die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom.

Januarie 1962.

INHOUDSOPGAWE:

Voorwoord	(iii)
Algemene Inleiding	1

DEEL I DIE MIKROVLAK.

Hoofstuk 1.	Die ontwikkeling van die waardeteorie op die mikrovlak	8
§ 1	Inleiding	8
§ 2	Die Marshall-Pigou gedagtegang	11
§ 3	Die „New Welfare Economics“	14
§ 4	'n Reaksie op die „New Welfare Economics“	17
§ 5	Die beskouing van Lamont	22
§ 6	Enkele gedagtes oor waarde in die Ekonomie	27
§ 7	'n Analitiese tegniek vir die prysteorie	36
§ 8	Opmerkings oor die „New Welfare Economics“-beskouing oor waarde	40
§ 9	Ekonometriesse beskouings in die waardeteorie	45
.1	Samuelson se „Revealed Preference“	46
.2	Von Neumann en Morgenstern	48
Hoofstuk 2.	'n Toepassing van die waardeteorie op die geldteorie	49
§ 1	Inleiding	49

§ 2	Die verband tussen die geld- en die goederesfeer	50
§ 3	Geldwaarde	53
.1	Die offisiële waarde	55
.2	Die individuele waardeoordeel	57
.3	Die faktore wat die vraag na geld bepaal	62
.3.1	Faktore wat die vraag na geld beïnvloed	63
.3.2	Faktore wat die omloopsnelheid van geld beïnvloed	66
.3.2.1	Objektiewe faktore	67
.3.2.2	Subjektiewe faktore	71

DEEL II DIE MAKROVLAK.

Hoofstuk 3.	Die Welvaartsbenadering	72
§ 1	Inleiding	72
§ 2	Beskouings in die literatuur in sake die die optimum posisie	74
.1	Die beskouing van Pigou ('n partiële ewewig analise)	74
.2	Die Pareto-optimum en die uitbouing daarvan ('n algemene ewewigsbenadering) .	75
§ 3	'n Alternatiewe benadering	85
.1	'n Normatief bepaalde optimum	85
.2	'n Tegnieke optimum	88
Bronnelys		(v)

VOORWOORD.

Die onderwerp wat in hierdie skripsie behandel word is, in teenstelling met die vroëre ontwikkelinge in die denke van die Ekonomie, om verskeie redes minder populêr by die beoefenaars van die vak. Tenspyte hiervan behels die waardeteorie heel fundamentele leerstukke van die vak en sou dit daarom noodsaaklik wees om in die bestudering van die Ekonomie verantwoord te staan t.o.v. hierdie aspek van die vak.

Dit is dan die doel met hierdie skripsie om te wys op die belangrikheid en die plek van die waardeteorie in die Ekonomie. In hoofstuk een word aandag gegee aan die aard van die waardeteorie waarin verskillende menings in die literatuur die aandag geniet in 'n poging tot sintese. Hoofstuk twee behels 'n toepassing van die waardeteorie op die geldteorie waarin die vraagstuk van geldwaarde ter sprake kom. In hoofstuk drie word 'n welvaartsbenadering ontwikkel met die oog op 'n teoretiese fundering van die beslissing van die beleidsman t.o.v. verskillende beleidsinstrumente en hulle invloed op die volkshuishouding.

By die voltooiing van hierdie skripsie wil ek graag my dank uitspreek teenoor hulle - ons voorgangers in die denke

van die vak - deur wie se ywer en belangstelling die Skepper aspekte van die waarheid aan ons bekend gemaak het. Onder hierdie persone, my besondere dank aan Dr. F.J. du Plessis onder wie ek gestudeer het en wat opgetree het as my leier. Ek dink met aangenaamheid aan die jare wat ek onder u leiding gewerk het.

Potchefstroom,

Januarie 1962.

INLEIDING.

Die waardeteorie vorm die wetenskaplike basis van die Ekonomie. Hierdie basis geld dus ten opsigte van al die aspekte van die vak hetsy of 'n studie van die vak histories of nie-histories aangepak word.

Soos in al sy arbeid, bou die mens in 'n wyer sin ook in sy wetenskapsbeoefening op 'n basis nl. die geopenbaarde waarheid van God in Sy Woord. Om te sê dat die waardeteorie die wetenskaplike basis van die Ekonomie vorm beteken nie dat dit hierdie basis (in wyer sin) vervang nie maar dat dit reeds so 'n basis as voorveronderstelling het. Die wetenskaplike basis bestaan daarin dat dit die afsplitsingspunt is van die Ekonomie t.o.v. die metafisika. Dit is dus die mees primêre in die Ekonomie. Omdat dit so is beteken dit dat die waardeteorie heen strek oor alle aspekte van die vak en 'n gebrek aan kennis van die waardeteorie beteken daarom 'n tekortkoming in die insig by die persoon wat hom besig hou met ander aspekte van die vak.

Dat die waardeteorie die wetenskaplike basis van die Ekonomie vorm kan soos volg aangetoon word.¹ Die benadering word uitgebou volgens die metode van afnemende abstraksie. Verder maak dit gebruik van die bekende metode in die teoretiese Eko-

1 du Plessis, F.J. "Die Sistematisering van die Ekonomie", klaslesing, Honns.-studente 1961, P.U. vir C.H.O.

nomie om binne 'n beperkte terrein wat afgebaken word deur aan-
names, 'n bepaalde probleem te analiseer. Daar kan verskillende
soorte aannames onderskei word nl. primêre- en sekondêre aan-
names. Die primêre aannames is daardie aannames wat absoluut
noodsaaklik is vir die analise van 'n bepaalde probleem. So
kan internasionale handel nie bestudeer word as daar nie aange-
neem word dat daar verskillende state is nie. Hierdie tipe aan-
names word gewoonlik nooit eksplisiet gestel nie. Die sekondêre
aannames is weer daardie aannames wat net noodsaaklik is vir
die analise van 'n bepaalde probleem. Dit veronderstel die
primêre aannames. In teenstelling met die primêre aannames word
hierdie tipe aannames in die teoretiese Ekonomie gewoonlik eks-
plisiet gestel. Vir die doeleindes hier, word die primêre aan-
names verdeel in tiperende- en onderliggende aannames.

Die kriterium, aan die hand waarvan die verskillende as-
pekte van die vak gesistematiseer kan word, kan soos volg gestel
word: wat vir die een aspek van die Ekonomie 'n tiperende aan-
name is, is vir daaropvolgende aspekte 'n onderliggende primêre
aannames. Aan die hand van hierdie beskouing kan die verskillende
aspekte van die vak dan soos volg gerengskik word:

(a) Waardeteorie

Tiperend: Objek-subjek-verhouding.

(b) Ordening:

Tiperend: Subjek-subjek-verhouding.

Onderliggende primêre aanname: Objek-subjek-verhouding.

(Dit word van die Sosiologie daarin geskei dat ekonomiese ordening nie kan bestaan sonder die onderliggende primêre aanname nie.)

(c) Prysteorie

Tiperend: Die bestaan van ruilmoontlikhede.

Onderliggende primêre aannames:

Subjek-objek-subjek-verhouding.

(d) Geldteorie

Tiperend: Die bestaan van 'n algemeen aanvaarde ruilmiddel.

Onderliggende primêre aannames:

Objek-subjek-verhouding.

Subjek-subjek-verhouding.

Die bestaan van ruilmoontlikhede.

(e) Owerheidsfinansies

Tiperend: Die bestaan van 'n owerheid.

Onderliggende primêre aannames:

Die tiperende aannames in (a) t/m (d).

(f) Internasionale ekonomiese betrekkinge

Tiperend: Die bestaan van verskillende state.

. Onderliggende primêre aannames:

Die tiperende aannames in (a) t/m (e).

(g) Konjunktuur en groei

Tiperend: Die bestaan van 'n ekonomiese stelsel.

Onderliggende primêre aannames:

Die tiperende aannames in (a) t/m (f).

(h) Ekonomiese beleid

Tiperend: Beïnvloedbaarheid van die ekonomiese data.

Onderliggende primêre aannames:

Die tiperende aannames in (a) t/m (g).

Volgens hierdie beskouing is dit duidelik hoedat die waardeteorie die wetenskaplike basis van die vak vorm. Wat verder hieruit blyk, is die belangrikheid van die waardeteorie in die bestudering van die Ekonomie. Dit blyk egter uit die literatuur van die vak asof die beoefenaars daarvan nie altyd bewus is van die belangrikheid van die waardeteorie nie. Veral word gedagtes oor die waardeteorie gemis in praktiese benaderings. Teoretici in die meer toegepaste aspekte van die vak is egter ook hieraan skuldig. Die oorsaak hiervoor kan moontlik gevind

word in die gedagte wat sedert 1932 sterk op die voorgrond getree²
 het waarvolgens die Ekonomie vry sou wees van waardeoordele.
 Hierdie beskouing sou volgens van der Kooy³ daarop neerkom dat
 die Ekonomie maar net die nederige diensmaag in die huis van
 die wetenskappe is.

Dit blyk egter dat van die aanhangers van hierdie beskou-
 ing nie op die huidige tydstip meer tevrede voel daarmee nie.
 Selfs een van die sterkste eksponente van die beskouing,
 L. Robbins, reken in sy jongste uiteensetting dat die Ekonomie hom⁴
 ook behoort uit te laat oor die „ultimate ends of society”.
 A.g.v. hierdie verandering in opinie by die beoefenaars van die
 vak lyk dit dus redelik om te verwag dat die belangrikheid van
 die waardeteorie in die toekoms meer besef sal word.

'n Kennis van die waardeteorie is dan ook van besondere
 belang aangesien dit 'n tweërlei doeleindes in die teoretiese
 Ekonomie dien, t.w.

I. As basis vir die prysteorie. In die prysteorie
 word, hoofsaaklik op die mikrovlak, op grond van

2 Robbins, L. An Essay on the nature and Significance of
 Economic Science, 1932.

3 van der Kooy, T.P. Op het grensgebied van Ekonomie en Religie,
 1953, p. 21.

4 Robbins, L. The Economist in the Twentieth Century and other
 Lectures in Political Economy, 1953, p. 16.

die waardeteorie, 'n analitiese tegniek ontwikkel. Aan die hand van die motivering hier bo is dit duidelik dat hierdie analitiese tegniek op alle aspekte van die teoretiese Ekonomie van toepassing is.

II. As basis vir die welvaartsbenadering. By die welvaartsbenadering word daar gewoonlik gedink aan 'n optimum ekonomiese posisie vir die gemeenskap. Die waardeteorie dien dan as basis vir die bepaling van so 'n optimum posisie in die makrovlak.

Aan die hand van hierdie doeleindes van die waardeteorie sal die betoog verder ingedeel word in deel I waar aandag gegee sal word aan die belangrikste beskouings in die literatuur oor waarde op die mikrovlak en deel II waar die belangrikste beskouings op die makrovlak die aandag sal geniet.

Hierdie beskouings kan min of meer soos volg ingedeel word. Eerstens kan 'n objektiewe versus 'n subjektiewe verklaring van die waarde onderskei word. By die objektiewe verklaring het veral die Engelse skool belangrike bydraes gelewer. Hulle het 'n objektiewe verklaring vir waarde in koste probeer vind waarby die arbeidswaardeleer die invloedrykste was. Die subjektiewe verklaring vir waarde kan weer in twee skole verdeel word na aanleiding van die meetbaarheid van nut. Daar was die skrywers wat 'n kardinale teorie uitgebou het waarvolgens

nut kwantitatief meetbaar sou wees. Onder hierdie groep was daar die wat in navolging van Bentham gedink het in terme van die praktiese meetbaarheid van nut teenoor die benadering van die Oostenrykse skool dat nut net in beginsel meetbaar is. In teenstelling met die kardinale teorie het die aanhangers van die ordinale teorie van die standpunt uitgegaan dat nut nie kwantitatief meetbaar is nie maar dat die verbruiker verskillende behoeftebevrediging situasies ten opsigte van mekaar volgens hulle grensbelangrikheid, ordinaal kan orden.

Aan die hand van hierdie indeling sal dan in die volgende bladsye aandag gegee word aan die belangrikste beskouings oor waarde in die literatuur. Omdat die verklaring van waarde nog steeds 'n strydpunt in die literatuur is, is nie een van die beskouings algemeen geldend nie. Die doel is dan om aan die hand van 'n uiteensetting van die verskillende beskouings te wys op die besware teen elkeen en om die bruikbare daarin saam te vat in 'n poging tot sintese waardeur dit moontlik kan word om 'n meer aanvaarbare verklaring vir die waarde te vind wat die besware teen die bestaande beskouings kan ondervang.

DEEL I

DIE MIRROVLAK.

HOOFSTUK 1.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE WAARDETEORIE OP DIE MIKROVLAK.

§ 1. Inleiding.

Aangesien die belangrikste ontwikkeling in die waarde-teorie tot op hierdie tydstip gekom het van die aanhangers van die subjektiewe waardeleer en omdat die objektiewe verklaring van waarde vry algemeen as onbevredigend beskou word sal in hierdie betoog gekonsentreer word op die subjektiewe benadering by die verklaring van waarde.

Voordat die subjektiewe waardeleer die aandag sal geniet sal net kortliks aandag gegee word aan die objektiewe waardeleer. Die aanhangers van hierdie leer het gepoog om 'n objektiewe verklaring vir waarde te vind en het dit in produksiekoste, by name arbeidskoste gevind. Die invloedrykste benadering was dan ook die arbeidswaardeleer veral soos daarop voortgebou deur Marx en Meek, lg. as 'n moderne eksponent van die leer.

Die kritiek van die subjektiewe skool teen bg. benadering was dat arbeidskoste nie die enigste koste is wat in aanmerking geneem kan word nie. Daar is ook nog bv. rente en pag waarmee rekening gehou moet word. Verder was die objektiewe skool daar-

1 Marx, K. Capital: A Critical analysis of Capitalist production, 1938. (Das Kapital, 1922.)

2 Meek, R.L. Studies in the Labour theory of Value, 1958.

van beskuldig dat hulle slegs aandag gee aan die aanbod aspek van die ruilwaarde en dat hulle die vraag aspek daarvan ignoreer. Arbeid kon ook nie die finale grond vir waarde wees nie want daar is ook goedere wat ontbloot is aan menslike arbeid en wat wel waarde het.

In wat volg word saam met die subjektiewe skool ook standpunt ingeneem teen die objektiewe skool maar soos aangetoon sal word is daar wel 'n element van waarheid in die gedagte van intrinsieke waarde maar in hierdie geval word dit so gesien dat alle Godgeskape dinge intrinsieke waarde het. Vir die Ekonomie gaan dit egter nie om die dinge as sodanig nie maar om 'n beslis-sing van die mens. Die mens, a.g.v. die sondeval, is nie instaat om die objektiewe waarde ten volle te ken nie en probeer dit dus subjektief bepaal.

Tot dusver is slegs aandag gegee aan die belangrikheid, die aard en die plek van die waardeteorie in die Ekonomie. Daar is nog nie gesê waarom die waardeteorie handel nie. Om hierop antwoord te gee is om te sê wat die wese van waarde is en veral die van waarde in die Ekonomie. Alhoewel waarde in die Ekonomie verband hou met waarde in die algemeen, sal uit die aard van die huidige betoog, waarde in die Ekonomie op die voorgrond staan. Verder sal vir die oomblik slegs aandag gegee word aan die ontwikkeling van die waardeteorie op die mikrovlak. In die lig van hierdie begrensinge sal dan gepoog word om 'n antwoord te vind op die vraag hoe word waarde in die Ekonomie bepaal.

Die eerste antwoord wat gewoonlik op hierdie vraag gegee word is dat waarde in die Ekonomie daardie waarde is wat bepaal word deur vraag en aanbod.³ Die ruilwaarde dus. Ruilwaarde wys gewoonlik op 'n ruilverhouding d.w.s. prys. Volgens hierdie beskouing word prys dan vereenselwig met waarde. Vir die totstandkoming van 'n ruilverhouding word waarde egter reeds veronderstel. Dit is so omdat dit geen sin het om waardelose goedere te verruil nie. Die benadering gaan dus nie diep genoeg op die probleem in nie.

Die vraag en aanbod gedagtegang is in die teoretiese Ekonomie 'n analitiese apparaat om die totstandkoming van 'n ewewigsprys te verklaar. (Ook om te verklaar waarom 'n prys wat totstand kom nie 'n ewewigsprys is nie.) Die beskouing onder bespreking stel dit egter nie dat daar ook ander apparate is om so 'n prys te verklaar nie, bv. verbruikerssurplus en alternatiewe koste. Dit is dus eng.

Gewoonlik word saam met die beskouing oor vraag en aanbod in die teoretiese Ekonomie ook meer gesê m.b.t. die aard van die ewewig wat totstand kom d.w.s. of dit 'n stabiele of labiele ewewig is. Omdat die beskouing onder bespreking gewoonlik nie aandag gee aan hierdie saak nie is dit ook uit dien hoofde eng.

3 Keynes, J.M. The general Theory of Employment, Interest and Money, 1936, herdruk 1960 p. 292. en Verriijn Stuart, G.M. Geld, Crediet en Bankwezen dl. I, agste hersiene druk 1953, p. 96 e.a.

Die klassieke het gewoonlik gesoek na, wat hulle genoem het, 'n dieper verklaring van waarde. Dit het hulle in nut probeer soek. Daar sal nou gelet word op die verskillende standpunte in die verband.

§ 2. Die Marshall-Pigou gedagtegang.

Om aansluiting te vind by Marshall se beskouing kan gestel word dat die Utilitariërs nog voor die verskyning van Marshall se Principles voortgebou het op die „greatest happiness principle” van Bentham. Hierdie beskouing het daarop neergekom dat nut 'n eienskap was wat die goedere besit het waardeur behoeftes bevredig kon word. Die behoeftebevrediging sou weer 'n bydrae lewer tot die geluk van 'n persoon en die geluk sou derhalwe bestaan uit die somtotaal van die persoon se behoeftebevrediging. Dit het dan daartoe gelei dat die nutsmaksimalisasie ook gesien is as die „best principle”.⁴ Marshall het ook gepoog om aan die hand van die nut 'n verklaring te probeer gee vir waarde in die derde boek van sy Principles. Nut was vir hom „desire or want”. Dit kan nie direk gemeet word nie maar wel indirek d.m.v. die prys wat 'n persoon bereid is om te betaal vir die bevrediging van 'n behoefte. By addisionele aanwendinge van

4 Little, I.M.D. A Critique of Welfare Economics, herdruk van die tweede druk 1960, p. 7.

die behoeftebevredigingsmiddele sal 'n behoefte uiteindelik bevredig word. Die addisionele behoeftebevredigingsmiddele sal in hierdie proses agtereenvolgens vir die persoon minder nut hê. Die nut wat 'n persoon toeken aan die laaste eenheid, die grens-eenheid, word die grensnut genoem. As die totale nut aangedui word as 'n funksie van x sê $y = f(x)$ dan is die grensnut

$$\frac{dy}{dx} = f'(x).$$

'n Persoon probeer altyd sy nut maksimaliseer. Die grensnut van geld word as 'n konstante gesien, so ook die verhouding tussen prys en nut. Van uit sy gedagtes oor nut lei hy 'n vraagkromme af van die vorm

$$y = b - ax.$$

Die algemene wet van die vraag word dan deur hom so gestel dat die vraag na 'n goed sal styg as die prys daarvan daal.⁵

Verder geld dat as 'n persoon 'n h-eveelheid van goed a het wat hy ook by aanwending x kan gebruik en die grensnut van die aanwendinge aangedui word deur $F(a - x)$ en $f(x)$, die verdeling tussen die twee gebruike van goed a so sal wees dat

$$F(a - x) = f(x).⁶$$

5 Marshall, A. Principles of Economics, 1890, herdruk van die agste druk 1959, p. 84.

6 Ontleen aan Wicksell, K. Value Capital and Rent, 1954, p. 55.

Indien Marshall se vraagkromme, wat 'n funksionele verband tussen die hoeveelheid van 'n artikel gekoop en die prys is, aangedui word met

$$y = f(x)$$

en 'n persoon 'n hoeveelheid c van die goed koop, waar die hoeveelheid op die x -as en die prys op die y -as van 'n reghoekige assiestelsel aangedui word, dan is die totale nut van die persoon

$$\int_0^c f(x) dx.$$

Om vas te stel in hoeverre die prys wat 'n persoon betaal 'n maatstaf is vir die voordeel wat hy kry uit die besit van die aangekoopte goed gebruik hy die begrip verbruikerssurplus. Dit is die verskil tussen die werklike prys wat betaal is en dit wat 'n persoon bereid sou wees om te betaal eerder as om sonder die goed klaar te kom. Hierdie verskil wys op 'n surplus bevrediging aan die kant van die verbruiker.

Pigou het met sy Economics of Welfare in 1920 meer in die rigting van die makrovlak beweeg en sal sy beskouing in deel II weer ter sprake kom. Wat hier van belang is, is dat welvaart (of bevrediging) ook vir hom meetbaar was want ⁷ „Welfare can be brought under the category of greater and less!“ „Economic Welfare“

7 Pigou, A.C. The Economics of Welfare, vierde druk 1948, p.10.

is daardie deel van sosiale welvaart wat direk of indirek onder die geldmaatstaf gebring kan word.

Soos Marshall dink hy in die rigting van nutsmaksimalisering want die meeste goedere, veral verbruiksgoedere, word proporsioneel ooreenkomstig die intensiteit van die verwagte bevrediging wat die goedere sal gee, gevra.⁸

§ 3. Die „New Welfare Economics“.

Pareto het in 1909 met 'n nuwe gedagtegang begin waarop Hicks voortbou en wat bekend staan as die „New Welfare Economics“.

Hulle het kritiek ingebring teen die Marshall-Pigou benadering in die sin dat hulle van mening was dat nut nie kwantitatief of kardinaal meetbaar was nie. Wat wel volgens hulle van belang was was dat die een situasie waarin 'n persoon hom bevind vir hom beter of slegter is as 'n ander. Dit is nie nodig om te se hoeveel die een situasie beter is as die ander nie. 'n Persoon kan wel 'n numeriese waarde aan nut toeken maar omdat interpersoonlike nutsvergelykings nie moontlik is nie is dit verkieslik om in ordinale terme te werk.

Behalwe die kritiek teen die nutmeetbaarheid het Hicks⁹ ook kritiek ingebring teen die wyse waarop Marshall die vraagkrom-

⁸ Id. p. 24.

⁹ Hicks, J.R. Value and Capital, tweede druk 1946, p. 26.

me afgelei het met die grensnut van geld konstant en die prys en grensnutverhouding as konstant. Sy kritiek is dan dat die konsekwensies van Marshall se beskouing meebring dat as die prys van 'n goed daal die grensnut daarvan ook sal daal. Volgens die wet van dalende nut sou die prysdaling egter daartoe gelei het dat die vraag na 'n goed gestyg het. Daar is dus 'n teenstrydigheid in Marshall se argument.

Hicks ontwikkel dan aan die hand van die onverskillighiedskromme 'n tegniek om die gedrag van die verbruiker te verklaar. Sy benadering sou dan vry wees van die besware teen die Marshall-Pigou gedagtegang.

Nut sou in sy benadering dan slegs ordinaal meetbaar wees. 'n Persoon is indifferent t.o.v. verskillende kombinasies van twee goeder, solank as wat hy op dieselfde onverskillighiedskromme is. Die persoon kan sy posisie verbeter deur na 'n hoër onverskillighiedskromme te beweeg. Daar word egter nie belang gestel in hoeveel sy posisie verbeter het nie.

Die beswaar teen die konstante grensnut van geld word ondervang deur gebruik te maak van 'n inkome effek. Dit dui op die wyse waarop verbruik verander as inkome verander en pryse konstant bly. Benewens hierdie effek onderskei Hicks ook 'n pryseffek wat bestaan uit die inkome en 'n substitusie effek. Dit wys hoe die verbruik sal verander as die prys verander en

alles verder konstant bly.

Die aannames onderliggend aan die onverskilligheidskrommetegniek is die volgende:

1. Die verbruiker tree rasioneel op.
2. Die verbruiker het 'n gegewe inkome, en
3. hy spandeer al sy inkome.
4. Net 'n twee dimensionele vlak word gebruik.

Om finaal met die nutmeetbaarheidsgedagte te breek voer Hicks ook begrippe in wat die begrippe grensnut en dalende grensnut moes vervang en die nuwe benadering moes steun t.w. die grenskoers van substitusie en die dalende grenskoers van substitusie. Die grenskoers van substitusie tussen twee goedere nl. X vir Y, is die hoeveelheid Y wat die verbruiker net sal vergoed vir die verlies van 'n grenseenheid van X. Die tweede begrip word gedefinieer vir die geval met 'n gegewe hoeveelheid van twee goedere X en Y. Hoe meer X gesubstitueer word vir Y hoe kleiner sal die grenskoers van substitusie van X vir Y word.

Die verbruiker sal in 'n optimum- of ewewigsposisie verkeer wanneer die grenskoers van substitusie tussen twee goedere gelyk is aan hulle ruilverhouding en die verbruiker op die hoogs moontlike onverskilligheidskromme is. As voorwaarde vir 'n stabiele ewewig geld dat die grenskoers van substitusie moet daal. Hierdie voorwaarde is belangrik vir die vorm van die on-

verskilligheidskromme en is bygevoeg met die oog op die uit-
skakeling van 'n konkawe verloop van die kromme tot die oorsprong
by die ewewigposisie. Die posisie moet dus 'n maksimum en nie
'n minimum punt op die kromme wees nie.

§ 4. 'n Reaksie op die „New Welfare Economics“.

Van die kant van die „kardinale“ teorie is daar deur
10 D.H. Robertson kritiek ingebring teen die benadering van Hicks.
Hy beskuldig Hicks daarvan dat hy hom nog maar steeds in die
kardinale gedagtegang bevind. Sy argument is dat dit moontlik is
om 'n tussen situasie te kry by twee moontlikhede waardeur die
keuse van die persoon dan in twee intervalle verdeel word wat ge-
lykwaardig is. Daar kan dan beweer word dat die een interval 'n
numeries groter waarde kan hê as die ander.

Alhoewel dit juis is dat Hicks nooit werklik kon weg kom
van die nut nie (bedoelende in Value and Capital) raak hierdie
beswaar eintlik nie die beskouing van Hicks nie want daar hoef
nie 'n numeriese waarde aan die situasies toegeken word nie.
Daar hoef slegs gesê te word dat die een situasie beter is as die
11 ander.

10 Robertson, D.H. Utility and all that and other essays,
tweede druk 1954, p. 18.

11 In Economica, Mei 1954, het Hicks hierdie kritiek van Robert-
son weerlê.

Aan die hand van die onderskeiding tussen praktiese meetbaarheid en in beginsel meetbaarheid van nut beweer hy dat Hicks se aanval op die kardinale teorie gerig is op intrinsieke meetbaarheid en dat die kardinale teorie nie so iets in gedagte het nie.

Hierdie onderskeiding is egter nie so algemeen dat Hicks se kritiek teen die kardinale teorie op grond daarvan weerlê kan word nie want die uitgangspunt van die kardinale teorie is dat nut kwantitatief meetbaar is. Die argument van Robertson, dat die kwantitatiewe meetbaarheid van nut nie weerlê kan word op grond van die feit dat daar nie 'n maatstaf is om dit te meet nie, bied nog nie 'n oplossing vir die vraagstuk van interpersoonlike nutsvergelykings nie.

Ter ondersteuning van sy kritiek teen die ordinale teorie neem hy die volgende geval.¹² Indien 'n persoon a.g.v. 'n styging van sy inkome besluit om sy aankope met 'n goed X aan te vul dan kan hierdie aksie van die persoon nie verklaar word aan die hand van 'n verandering van die grenskoers van substitusie tussen goed X en ander goedere nie. Die rede hiervoor is dat goed X nie verander het nie want dit word as nuwe goed bygevoeg tot die voorraad goedere van die verbruiker. Daar was wel 'n

12 Robertson, D.H. Op Cit., p. 27.

verandering by die ander goedere wat hy reeds besit d.w.s. hul grensnut het gedaal.

Robertson kom Hicks hier egter te na want dit gaan nie vir Hicks daarom dat die goedere verander nie. Die houding van die persoon verander egter en omdat die persoon self die grenskoers van substitusie uitwerk kan daar wel 'n verandering kom van die grenskoers van substitusie tussen die goedere.

Robertson vul sy kritiek teen die ordinale teorie aan deur Little¹³ se beskouing, dat interpersoonlike nutsvergelykings wel 'n "statement of fact" kan wees, by sy beskouing in te werk. Little sal dan syns insiens noodwendig met die wet van dalende grensnut moet werk as hy simpatiek staan teenoor interpersoonlike nutsvergelykings. Hy gebruik egter Little se argument onvolledig want Little sê ook "It is maintained that any theory of welfare, if it reaches any conclusions at all, reaches value conclusions even if they are also causal statements".¹⁴ Verder sê Little dat die beskouing volgens Robertson so is dat die belangstelling in welvaart altyd gepaard gaan met 'n morele belang en dat die oorboord-werping van die waardeoordeel daartoe sal lei dat die welvaartseconomie ook daarmee sal val.¹⁵

13 Little, I.N.D. A Critique of Welfare Economics, 1950, herdruk van die tweede druk 1960, pp. 67-83.

14 Id. p. 78.

15 Id. p. 80.

Van die kant van Little was daar egter fundamentele besware teen die onverskilligheidskrommetegniek. Volgens hom is "welfare" ook "well-being" en "happiness". Daar bestaan egter nie vir hom 'n deel van die "well-being" wat aangedui kan word as "economic well-being" nie. Eerder moet dit so gesien word dat "The word economic qualifies not well-being, but the causes of well-being or changes in it"¹⁶. Daar kan dus ekonomiese omstandighede onderliggend aan die welvaart wees.

Omdat "op 'n hoër onverskilligheidskromme" nie alleen vir hom 'n beter posisie by die verbruiker beteken nie maar ook dat die verbruiker in 'n keusesituasie is wil hy nagaan of die hoër onverskilligheidskromme 'n voldoende aanduiding is dat die posisie van die persoon verbeter het. Omdat daar ander omstandighede onderliggend aan die welvaart is kan die posisie van 'n persoon nie losstaande van die van ander gesien word nie. Indien dit die geval is kan ander persone se welvaart relatief meer toeneem as die van 'n bepaalde persoon. Hy mag dan wel op 'n hoër onverskilligheidskromme wees maar sy posisie mag dan selfs relatief gesproke verswak het. Die onverskilligheidskromme is daarom nie 'n bevredigende kriterium vir die verbetering van 'n persoon se posisie nie.

Die aannames onderliggend aan die onverskilligheids-

kromme is egter volgens Little nie voldoende om 'n geknikte kromme uit te sluit nie. Dit bring mee dat in so 'n situasie 'n hele aantal pryslyne raaklyne met die onverskilligheidskromme kan vorm waardeur die optimum posisie onbepaald word. Verder sluit die aannames nie 'n onverskilligheidskromme wat op sommige plekke konkaaf tot die oorsprong kan verloop, uit nie. Daar kan dan twee optimum posisies op dieselfde pryslyn wees. Soos aangetoon sal word skakel hy hierdie onbepaaldheid uit met addisionele aannames wat ontleen word aan die gedrag van die verbruiker. Daar is egter nog die probleem, gesien in die lig van sy interpretasie dat 'n hoër onverskilligheidskromme 'n keusesituasie impliseer, dat die naam van die onverskilligheidskromme onvanpas is wanneer 'n persoon een situasie beter ag as 'n ander situasie (dus nie indifferent is nie). Hy stel daarom voor dat die onverskilligheidskromme liever „behaviour lines" moet wees. Die addisionele aannames by die „behaviour lines" is dan:

1. 'n Persoon verkies altyd 'n groter hoeveelheid goedere bo 'n kleiner hoeveelheid.
2. Indien 'n persoon een keer 'n kombinasie goedere bo 'n ander kombinasie verkies sal hy altyd so optree.
3. Die keuse moet transitief wees, d.w.s. die „behaviour lines" mag mekaar nie sny nie.
4. Die versameling goedere wat gekies word geld net t.o.v. 'n enkele prys-inkome situasie.

'n Bespreking van die „New Welfare Economics" moet vir 'n oomblik uitgestel word sodat aan die hand van Lamont se beskouing 'n benadering uitgebou kan word waaruit die „New Welfare Economics" bespreek kan word.

§ 5. Die beskouing van Lamont.¹⁷

Daar was reeds vroeër in die betoog melding gemaak van die strydpunt wat nog in die waardeteorie bestaan tussen die objektiewe- en subjektiewe waarde. Indien dit blyk dat uiteenlopende benaderings onversoenbaar is en boonop steeds verder van mekaar af beweeg, kan die vraag gevra word of die probleem nie beter opgelos kan word deur die probleemstelling te verander nie. Indien die probleemstelling egter verander word moet dit sodanig wees dat dit nie op soortgelyke dooiepunte stuit nie. Die nuwe probleemstelling moet egter ook so wees dat dit die persone wat van uit die tradisionele benaderings argumenteer tevrede behoort te stel.

Lamont het aan die hand van 'n herformulering van die probleemstelling in die waardeteorie tot 'n interessante verklaring gekom. In teenstelling met die konvensionele benaderings by die waarde, vra hy nie wat is waarde nie maar hoe word waarde bepaal.¹⁸ Die nuwe probleemstelling behoort die persone wat

17 Lamont, W.D. The Value Judgement, 1955.

18 Id. p. 3.

van uit die konvensionele benaderings argumenteer tevrede te stel want die bepaling van die waarde vind volgens Lamont in die verstand van die mens plaas. Hierdie subjektiewe proses kan weer objektief bestudeer word. Sy benadering skaar hom dus nie by een van die twee benaderings t.w. objektief of subjektief nie, maar sy benadering behoort albei tevrede te stel.

Soos die titel van sy boek aandui is sy benadering 'n¹⁹ teorie van die waardeoordeel. Die waardeoordeel wat hy in gedagte het, het niks te make met wat behoort en nie behoort te wees nie.²⁰ Dit is in die terminologie van van der Kooy 'n onskuldige waardeoordeel.²¹ Lamont noem dit 'n verstandsaksie²² waarvolgens waarde aan goedere toegeken word.

Lamont onderskei verskillende waardeoordele. Daar is 'n eenvoudig positiewe waardeoordeel wat stel dat iets goed of sleg is. Ander is weer vergelykend en ken 'n graad van goedheid (of slegtheid) aan iets toe. Die aard van die eenvoudig positiewe waardeoordeel is „The Attribution of Goodness” en die van die vergelykende waardeoordeel is „Valuation”.²³ By die aard van die vergelykende waardeoordeel geld as veronderstelling dat goedere intrinsieke waarde het.²⁴ Die vergelykende waardeoordeel

19 Id. p. xiii.

20 Id. p. xii.

21 van der Kooy, T.P. Tussen beginsel en belang, 1955, p. 186.

22 Lamont, W.D. Op. Cit., p. xiii.

23 Id. p. xiii.

24 Id. p. 5.

hou in dat goedere in 'n rangorde geplaas word. Indien die voorwaardes van die vergelykende waardeoordeel aangetoon word kan dit van ander oordele onderskei word.

Die vergelykende waardeoordeel word daardeur gekenmerk dat die persoon in 'n keusesituasie is wat deur omstandighede meegebring word. D.w.s. 'n keuse tussen alternatiewe moontlikhede. As voorveronderstelling geld dat die goed ten opsigte waarvan die keuse gemaak moet word almal „goed" is en dat dit skaars is. Die persoon rangskik dan die goedere in 'n bepaalde orde ooreenkomstig 'n intellektuele proses, die vergelykende waardeoordeel waardeur die goedere gewaardeer word. Die oordeel word gemaak t.o.v. toekomsmoontlikhede of vraaghoudes in die terminologie van Lamont.

Wanneer die „onskuldige" aard van die vergelykende waardeoordeel, tesame met die skaarsheidsvoorwaarde en die voorwaarde dat die persoon in 'n keusesituasie is, laat vaar word, gaan dit nie bloot om waardering nie maar om „duty, obligation, right, wrong and so forth" en is dit 'n morele oordeel wat verband hou met die regspraak. Sodra gevoel op die voorgrond tree tesame met die reeds laat vaarde voorwaardes, is daar 'n estetiese oordeel. Laastens kan ook 'n doeltreffendheidsoordeel onderskei word. Dan word die goedere beoordeel ooreenkomstig die funksie wat hulle kan verrig. Die voorwaardes van toekomsmoontlik-

hede en skaarsheid word dan laat vaar.

Uit hierdie verskillende moontlikhede stel die Ekonomie eintlik belang in die vergelykende waardeoordeel. D.w.s. dit is altyd vergelykend, nooit absoluut of eenvoudig positief nie. Die waarde word altyd toegeken aan toekomsmoontlikhede of vraaginhoud. Die omvang van die waarde word gemeet in terme van „opportunity” koste (geleentheidskoste) d.w.s. die ongerealiseerde vraaginhoud wat net gerealiseer kan word indien koopkrag nie aangewend was vir die realisering van 'n alternatiewe vraaginhoud nie.²⁵

Omdat daar belang gestel word in toekomsmoontlikhede en omdat die waarde volgens Lamont in koste gemeet word is produksiekoste nie relevant by waarde nie want dit wat nog nie bestaan nie kan nie werklike koste hê nie. Die waarde word daarom gemeet in terme van verwagte „opportunity” koste.

Wanneer die verwagte „opportunity” koste vir die persoon bekend is rangskik hy die goedere in 'n waardeorde. Die waardeorde is die omgekeerde van die verwagte „opportunity” koste. Dit beteken dus dat as daar twee vraaginhoudes X en Y is en die verwagte „opportunity” koste van X is groter as die van Y dan sal die persoon Y hoër as X op sy waarderingsskaal plaas, hy verkies Y dus bo X.

Om tot so 'n waardeorde te kom moet daar 'n algemene vraag (common demand) wees. Dit is 'n omvattende vraag van die waarderende subjek waarvan die verskillende vraaghoudes wat teenoor mekaar opgeweeg word slegs verskillende uitdrukkings is.²⁶ Brood, melk en appels is dan verskillende uitdrukkings vir die algemene vraag na voedsel. Dit beteken dat brood en 'n motor nie in dieselfde waardeorde sal wees nie want hulle veronderstel verskillende algemene vrae.

Elke persoon strewe daarna om 'n ewewigsposisie te bereik. Hierdie ewewigsposisie kan bereik word ooreenkomstig die grenseenheidsanalise. Lamont onderskei dan grenseenhede van nut wat wys op die vraaghoudes en grensewewigseenhede, dit wys op vraag-objekte.²⁷ Die grenseenhede van nut is alternatiewe vraaghoudes waartussen 'n keuse gemaak moet word en sodra die keuse gemaak is en die eenhede gekies word, word dit 'n grensewewigseenheid. Die ewewig word bereik deur die werking van 'n ewewigswet wat lui: die grenseenhede van nut verander met elke verandering in die groepering van die vrae of in die hoeveelheid middele waarom die vrae meeding, in ooreenstemming met die strewe van die vraer om 'n ewewigsituasie m.b.t. behoeftesbevrediging te bereik.²⁸

Wanneer verskillende waardeordes by dieselfde persoon

26 Id. p. 83.

27 Id. pp. 114 en 116.

28 Id. p. 123.

mekaar beïnvloed dan geskied dit sodanig dat die waardeordes deel vorm van 'n groter omvattende waardeorde wat weer inskakel by 'n meer omvattende algeme vraag.

Die uiteindelijke basis van waardering is *summum bonum* of "supreme good". Dit is geluk of selfverwesenliking by die mens. Die uiteindelijke grond van die vergelykende waardeoordeel is die ekonomiese beginsel wat gesien word as die "pursuit of happiness".

§ 6. Enkele gedagtes oor waarde in die Ekonomie.

Die beskouing oor waarde wat hier uiteengesit gaan word is eintlik afhanklik van 'n beskouing oor die studieterrein van die Ekonomie. Omdat, volgens die jongste ontwikkeling²⁹ op hierdie gebied, die Ekonomie belangstel in 'n menslike handeling, 'n ekonomiese-akt, blyk dit dat waarde in die Ekonomie altyd verband hou met die mens. Slegs in soverre as wat die mens 'n rol speel by waarde is dit vir die Ekonomie van belang. Die standpunt wat hier ingeneem word is dat waarde in die algemeen eintlik buite die studieveld van die Ekonomie val. Die punt waar die waarde in die Ekonomie afsplint van waarde in die algemeen is by die vergelykende waardeoordeel soos uiteengesit deur Lamont. Omdat die mens so 'n prominente plek inneem by die vergelykende waardeoordeel behoort 'n beskouing oor die mens ook meer lig te werp

29 du Plessis, F.J. "Mensbeskouing en Ekonomie", 'n lesing gehou voor die Wysgerige studiekekring, P.U. vir C.E.O., 1961.

op hierdie probleem. Daar sal nou gepoog word om vanuit 'n mensbeskouing enkele lyne deur te trek na 'n beskouing oor waarde in die Ekonomie.

Die mens, so glo die Christen, is deur God geskape na Sy beeld en gelykenis as kroon van die skepping om daaroor te heers. Die mens heers oor alles behalwe oor sy Skepper wat deur Sy almag steeds die skepping onderhou.

Die mens is as eenheid geskape en binne hierdie eenheid is daar onderskeibare aspekte nl. siel en liggaam. Onder siel verstaan Calvin "een onsterfelijk maar nochtans geschapen wezen dat het edelste deel van de mens is"³⁰. Alhoewel die heerlijkheid van God wel aan die uiterlike mens, dit is die liggaam, kenbaar is, is die siel van die mens die setel van die beeld van God. Volgens hierdie beskouing beteken dit egter nie dat God 'n deeltjie van Homself in die mens geplaas het nie maar dat Hy iets nuuts, 'n eiesoortige wese geskep het. Hierdie skepsel is dan die kroon van Sy skepping en dra Sy beeld. Die beelddraerskap van die mens kan gesien word as 'n spieël waarin God's beeld weerspieël word.

Die siel van die mens het dan volgens Calvin twee vermoëns nl. verstand en wil. Die taak van die verstand is om te

30 Calvin, J. Institutie of onderwijzing in den Christelijken Godsdienst dl.I, 1931 (vertaal deur A. Sizoo), p. 173.

onderskei wat goed en afkeurenswaardig is in die dinge soos wat hulle hul voordoën. Die wil kies wat die verstand goed geag het en volg dit na.

Het hierdie skone gawes is die mens toegerus sodat hy sy aardse lewe kon bestuur en kon beheers in ooreenstemming met verstand en wil. Daarom het die mens ook die vrye wil waardeur hy die ewige lewe kon beërwe „maar hij had niet het willen om te kunnen”.³¹ Deur eie beweging het die mens dan in sonde geval en sy eie ondergang op die hals gehaal sodat hy nie meer die beeld van God kan weerspieël soos by sy skepping nie. Alhoewel die mens in sonde geval het, het daar van sy skone gawes iets in die gevalle mens oorgebly sodat hy geen verontskuldiging het nie en alleen om Christus wil verlos word en deur Sy Heilige Gees weer vernuwe word na Sy ewe beeld. Die einddoel van die mens is nog 'n bo-natuurlike, maar alleen deur middel van die Genadewerk kan sy lewe herstel word sodat sy bestaan weer gekoppel kan word aan 'n uiteindelijke norm nl. „om God in alles en deur alles te verheerlik”.³²

Om hierdie beskouing by die waardeteorie toe te pas sal as voorveronderstelling geld dat alle goed intrinsieke waarde het. Hierdie waarde kan positief of negatief wees. Die Ekonomie stel belang in die positiewe waarde. Om hierby te kom maak die

31 Id. p. 188.

32 du Plessis, F.J. „Mensbeskouing en Ekonomie.”

mens uit hoofde van sy vryheid om te kies tussen goed en kwaad, 'n keuse tussen die positiewe en die negatiewe. Hierdie beslissing doen die mens met sy verstand, 'n vermoë van die siel. Die vergelykende waardeoordeel waarin die waardeteorie belangstel is dan 'n wilsuiting van die mens en veronderstel dus dat daar alreeds 'n keuse gemaak is t.o.v. die goeie. Hierdie waardeoordeel bestaan dan daarin dat die mens die waarde ken en die goedere in 'n volgorde rangskik. Die mens kan egter nie meer na die sondeval die waarde ten volle ken nie en daarom sal die harmonie in sy volgorde van belangrikheid waarin die goedere gerangskik word versteur wees. Die waardeoordeel bly egter 'n vergelykende waardeoordeel en in die rangskikking van die goed in 'n volgorde is die mens vry in die wyse waarop dit gedoen sal word. Dit impliseer dat daar altyd 'n keuse element op die voorgrond staan by hierdie waardeoordeel. Omdat daar 'n keuse is beteken dit dat die goedere ten opsigte waarvan die vergelykende waardeoordeel gemaak word altyd alternatiewe sal wees want as dit nie die geval is nie sal dit onmoontlik wees om te kies en as die persoon nie kan kies nie is dit weer in stryd met die vryheid van die mens. Hierdie vergelykende waardeoordeel staan, uit hoofde van die aard van die ekonomie-akt, wat 'n beslissing is t.o.v. 'n ongerealiseerde situasie, altyd met betrekking tot toekomsmoontlikhede d.w.s. vraaginhoud in Lamont se terminologie.

In sy keuse tussen goed en kwaad sowel as by die verge-

lykende waardeoordeel beteken die vryheid van die mens nie dat hy ongebonde is nie maar is hy gebonde aan die verantwoordelikeheid teenoor sy Skepper oor die wyse waarop hy die vryheid van sy keuse gebruik. By hierdie keusevryheid van die mens geld as uiteindelijke norm „om God in alles en deur alles te verheerlik“, die uiteindelijke doel van die ekonomie-akt dus. Die beslissing van die mens by die vergelykende waardeoordeel moet egter doelmatig wees d.w.s. dat daar by hierdie keusesituasie 'n negatiewe en positiewe aspek te onderskei is. Om te weet of die keuse wat gemaak is doelmatig is moet dit getoets word aan 'n maatstaf en hierdie maatstaf is die ekonomie-norm onderliggend aan die ekonomie-akt t.w. „so 'n groot moontlike gunstige verskil tussen offer en opbrengs - so 'n doelmatig moontlike handeling“³³. Dit is 'n parsieel afgeleide uit die uiteindelijke norm. Onder die opbrengs word verstaan die behoeftebevredigingsresultaat en as offer die behoeftebevredigingsresultaat wat verkry sou wees indien die middele vir die bevrediging van 'n ander behoefte aangewend sou gewees het.³⁴

Aan die hand van hierdie uiteensetting, dat daar by die vergelykende waardeoordeel, wat 'n keuse handeling van die mens is, 'n offer en opbrengs aspek aanwesig is, kan daar 'n gevolgtrekking m.b.t. Lamont se beskouing gemaak word. Lamont het slegs

³³ du Plessis, F.J. Op. Cit.

³⁴ Id.

aandag gegee aan een aspek onderliggend aan die vergelykende waardeoordeel nl. die offer aspek soos wat dit tot uitdrukking kom in sy „opportunity” koste as die ongerealiseerde vraaghoud wat net gerealiseer kan word indien koopkrag nie aangewend was vir die realisering van 'n alternatiewe vraaghoud nie. Dit blyk dus asof die opbrengs aspek van die vergelykende waardeoordeel nader uitgewerk sal moet word.

Die opbrengs, soos hier bo geïnterpreteer as 'n behoeftebevredegingsresultaat, val tot 'n groot mate buite die studieveld van die Ekonomie. Dit is egter belangrik om daaraan aandag te gee omdat dit by die keuse medebepalend is.

Om meer duidelikheid te kry oor die opbrengs beteken om te let op die faktore onderliggend daaraan nl.

- (1) Die ruilverhouding waarteen die behoeftebevredegingsmiddele verkry kan word. Dit word weer bepaal deur die posisie wat die vraers en aanbieders op die mark inneem. Hierdie aspek van die opbrengs val dus in die prysteorie en het die waardeteorie net in soverre daarby belang as wat dit die basis vorm vir die ontwikkeling van 'n analitiese tegniek in die prysteorie.
- (2) Die mate waarin die behoefte bevredeg word by addisionele aanwendinge van die behoeftebevredegingsmiddele.

Die invloed van hierdie faktor lê nie opgesluit in die addisionele aanwendinge nie maar wel in die invloed wat die addisionele aanwendinge het op die keuse van die persoon in die verkryging van beskikingsmag oor relatief-skaars, direk of indirek bruikbare behoeftebevredigingsmiddele. Dit beteken dat die persoon na elke aanwending van die middele weer in 'n nuwe keusesituasie is waarin hy opnuut 'n verkrygingsbeslissing sal moet maak. Die keusesituasies is dus nie onafhanklik van mekaar nie. Die invloed van hierdie faktor sal duidelik word by die uiteensetting van 'n analitiese tegniek vir die prysteorie in 'n volgende afdeling.

- (3) Die intensiteit van die behoefte, d.w.s. die plek wat die behoefte inneem op die voorkeurskaal van die verbruiker. Wat hier van belang is, is die invloed wat die plek van die behoefte op die voorkeurskaal het op die wyse waarop die behoeftebevredigingsmiddele in volgorde van belangrikheid gerangskik sal word, dus die wyse van rangskikking van die middele. M.b.t. hierdie faktor was dit veral J.R. Hicks wat belangrike bydraes gelewer het. Daar sal nou gepoog word om sy beskre³⁵wing

35 Hicks, J.R. A Revision of demand Theory, 1956, herdruk 1959.

hier in te werk en om sodende 'n sintese te probeer bewerkstellig tussen Lamont se beskouing en aspekte van Hicks se beskouing in sy A Revision of demand Theory.

As aannames vir sy beskouing neem Hicks:

- (a) "An ideal consumer", dit is iemand wat net beïnvloed word deur die omstandighede op die mark.
- (b) Volmaakte mededinging.

Die ideale verbruiker handel volgens 'n voorkeurskaal. Hy het verskillende alternatiewe moontlikhede waaruit hy een moontlikheid kies wat hy bo al die ander verkies en daarom die hoogste geplaas word op sy voorkeurskaal. Hicks baseer dan sy waardeteorie op hierdie voorkeurskaal wat vir hom beteken dat die waardeteorie 'n toepassing is van „the logical theory of ordering”.³⁶ Hy onderskei dan „strong ordering” en „weak ordering”. Ig. sal later onder oë geneem word en vir die huidige doeleindes sal net aandag gegee word aan die „strong ordering”. Die eienskap hiervan is dat as die verbruiker 'n aantal goedere in 'n volgorde rangskik, dan het elke item net een plek in die rangskikking. As 'n verbruiker dus sê n goedere het dan is die rangskikking daarvan so dat dit gesien kan word asof hy die n goedere in n blokke kies plaas en elke goed word net een keer en finaal in 'n blokkie geplaas.

36 Id. pp. 18-19.

Ten einde tot „strong ordering” te kan kom neem die verbruiker 'n basisgoed, $s^{\wedge} P$, ten opsigte waarvan die ander goedere in die voorkeurskaal gerangskik word. Die basisgoed is so dat 'n aantal van die goedere in die voorkeurskaal hoër as (of regs van) P en ander laer as (of links van) P op die voorkeurskaal gerangskik word. Die basisgoed verdeel dus die voorkeurskaal van die verbruiker in twee klasse. Die „Preliminary conditions of Strong ordering” stel dat hierdie twee klasse goedere aan die volgende voorwaardes moet voldoen.

(a) Dit moet alle goedere behalwe P insluit.

(b) Kulle mag nie oorvleuel nie.

Wanneer enige goed Q nou behalwe P uit een van die twee gegroepeerde klasse geneem word dan kan „two-term consistency” voorwaardes afgelei word, dit is

(i) as Q links van P is is P regs van Q

(ii) as Q regs van P is is P links van Q .

Om 'n konsekwente keuse te kry wat 'n sluitende sisteem vorm is 'n derde voorwaarde nodig nl. die „Transitivity condition”. Dit word soos volg gestel: as Q links van P is en 'n ander goed (R) links van Q is dan is R links van P .

Die „strong ordering” beteken dan dat 'n persoon een moontlikheid uit 'n aantal alternatiewe kies en dat hy die moontlikheid bo al die ander verkies. Dit is in ooreenstemming met die beskouing oor waarde wat hier bo ontwikkel is en werp meer

lig op een van die faktore onderliggend aan die opbrengs aspek van die vergelykende waardeoordeel.

§ 7. 'n Analitiese tegniek vir die prysteorie.

Aan die hand van die uiteensetting in die vorige paragrafe is dit nou moontlik om 'n analitiese tegniek vir die prysteorie te ontwikkel.

As 'n beginsituasie as uitgangspunt geneem word waarin die verbruiker beskikkingsmag het oor dienste (arbeid) en/of goedere wat oorgedra word uit 'n vorige periode, en as die vryheid van 'n persoon uit 'n gegewe stelsel (ordening) sodanig is dat hy wel 'n verkrygingsbeslissing kan maak, bevind hy hom in 'n keusesituasie sodanig dat hy die gegewe situasie kan handhaaf of die beskikkingsmag kan aanwend op verskillende maniere nl. verbruik, produksie en ruil, dus die wyse van aksie by die ekonomie-akt. Sy verkrygingsbeslissing t.o.v. hierdie alternatiewe, maak die persoon nadat hy 'n vergelykende waardeoordeel t.o.v. die alternatiewe soos in § 6 uiteengesit gemaak het. Hy rangskik dan die alternatiewe in volgorde van belangrikheid met as maatstaf die ekonomie-norm.

Indien aangeneem word dat, volgens die uiteensetting hier bo, die persoon besluit om toe te tree tot die ruil en 'n eenvoudige situasie geneem word waar daar behalwe die goed en/of dienste waaroor die persoon beskikkingsmag het, daar net een goed

op die mark aangebied word en aangeneem word dat die persoon rasioneel optree, d.w.s. dat nadat hy die eerste verkrygingsbeslissing gedoen het hy minder van sy beskikingsmag sal opoffer (aangesien hy nou minder daarvan het) om een eenheid van die ander goed te bekom (waarvan hy nou meer het), d.w.s. dat die opeenvolgende verkrygingsbeslissings nie onafhanklik is nie, kan die situasie dan, by afwesigheid van 'n minderwaardige goed soos volg grafies voorgestel word.




fig. 1.

Die vorm van $y = f(x)$ is uit hoofde van die interpretasie van rasionele optrede by die persoon sodanig dat $f(x)$ daal as x toeneem.

Indien die persoon se beginsituasie bestaan in beskikingsmag oor 'n hoeveelheid van Y sê Oy_1 en hy besluit om y_1y_2 van Oy_1 op te offer in die ruil om Ox_1 van X te kry, bevind hy hom by T op $y = f(x)$. Die punt T word bepaal aan die hand van

die ekonomie-norm en is wel 'n optimumsituasie sodanig dat

$$f''(x_1) < 0.^{37}$$

Die bepaling van die optimumposisie kan egter ook so benader word. Beskou die offer (e) en opbrengs (ϕ) albei as 'n funksie van die „opportunity" koste (x). Dus

$$e = e(x) \quad \text{en} \quad \phi = \phi(x).$$

Dui nou die verskil tussen offer en opbrengs aan as

$$(\phi - e).$$

Die optimumposisie is dan sodanig dat hierdie verskil die mees gunstige verskil tussen offer en opbrengs is, dus

$$\frac{d}{dx} (\phi - e) = 0$$

en

$$\frac{d}{dx} \left\{ \frac{d}{dx} (\phi - e) \right\} < 0$$

geskryf as

$$\frac{d^2}{dx^2} (\phi - e) < 0.$$

Nadat hierdie situasie gerealiseer het bevind die persoon hom opnuut in 'n ander situasie waarin sy waardeoordeel van die goedere waaroor hy beskikingsmag het anders is as in die vorige situasie. Die nuwe optimumposisie sal op soortgelyke wyse be-

37 Vir die geval waar $y = f(x)$ word $\frac{d^2 y}{dx^2}$ geskryf as f'' .

paal word. In die agtereenvolgende situasies speel die veranderingstempo van die funksie waarde van $y = f(x)$ m.b.t. die onafhanklike veranderlike 'n belangrike rol. In die beginsituasie is

$$\frac{dy}{dx} = a \quad (s\hat{e})$$

en in die daaropvolgende situasies is

$$\frac{dy}{dx} = a_1 \quad (s\hat{e}).$$

By elk van hierdie funksies sal daar 'n optimumposisie wees, $s\hat{e}$ $T_1, T_2, \dots, T_n$. Wanneer hierdie ewewigsituasies nou voorgestel word deur 'n kromme (die tegniek van Patinkin en Hansen) $y = Q(x)$ sal dit ook sodanig verloop dat as x toeneem $Q(x)$ daal. Omdat dit 'n kromme is wat ewewigsituasies voorstel sal enige punt op hierdie kromme 'n bepaalde ewewigsituasie wees. Verskillende posisies op die kromme, wat beskou kan word as 'n vraagkromme van die individuele verbruiker, bly egter verskillende ewewigsituasies.

Indien die aanname van die afwesigheid van 'n minderwaardige goed opgehef word sal die vorm van die kromme $y = f(x)$ verander. In die geval waar goed Y minderwaardig is kan verwag word dat die verloop van die kromme soos volg daar sal uitsien.




fig. 2.

Die bepaling van $y = R(x)$ bly egter nog dieselfde as in die geval waar goed Y nie 'n minderwaardige goed is nie.

§ 8. Opmerkings oor die „New Welfare Economics“-beskouing oor waarde.

Gewapen met die beskouings in § 6 en § 7 kan die beskouings van die „New Welfare Economics“ veral soos wat dit deur J.R. Hicks uitgebou was nader ondersoek word. Daar sal eers aangetoon word dat die grondbegrippe van Hicks se beskouing in Value and Capital weer uitloop op nut.

Die grenskoers van substitusie van goed X vir goed Y word gedefinieer as die hoeveelheid Y wat die verbruiker net kan vergoed vir die verlies van 'n grenseenheid van X.³⁸ In hierdie

38 Hicks, J.R. Value and Capital, tweede druk 1946, p. 20.

definisie gaan dit om addisionele toevoegings van Y en addisio-verminderinge van X by die verbruiker. Die proses hou aan totdat 'n optimumposisie bereik is waar die grenseenheid van X net vergoed word deur Y. Die definisie impliseer dat die verbruiker by elke substitusie steeds nader beweeg na die optimum posisie toe totdat hy dit uiteindelik bereik. Maar die verbruiker werk self die grenskoers van substitusie uit, dit is dus 'n subjektiewe proses. Omdat dit 'n subjektiewe proses is en omdat die verbruiker by die addisionele vermeerdering en vermindering van die twee goedere steeds nader beweeg aan die optimum posisie beteken dit dat die verbruiker hierdie substitusie koers uitwerk aan die hand van die wet van dalende grensnut. Die definisie slaag dus wel daarin om die nutmeetbaarheidsgedagte te verswyg maar dit staan nie los van die nutsgedagte nie.

By die formulering van die dalende grenskoers van sub-
 39
 stitutie volg dit dat die opeenvolgende eenhede van goed Y vir die verbruiker belangriker word. Daarteenoor word die opeenvolgende eenhede van X minder belangrik in terme van Y. Dit kan alleen gebeur as die persoon 'n subjektiewe waardering het van die belangrikheid van die goedere. Die belangrikheid van die goedere staan weer vir die persoon i.v.m. die doel waarvoor hy dit aanskaf sê vir behoeftebevrediging of bloot net vir voordeel in Marshall se terminologie. As die belangrikheid van X afneem

beteken dit dat die addisionele eenhede van X 'n kleiner bydrae lewer tot die bevrediging van die persoon se behoefte. In hierdie argumentasie lê marshall se formulering van dalende nut opgesluit nl. die addisionele voordeel wat 'n persoon uit 'n toename van sy voorraad van 'n goed kry, daal by elke toevoeging tot die voorraad. Uit die totale nut word die dalende grensnut afgelei. Die dalende grenskoers van substitusie kan dus terug gevoer word na die dalende grensnut.

Die vraag is dan of waarde aan die hand van nut verklaar kan word. Kan nut dus, soos die klassieke geneen het, behulpsaam wees in 'n dieper visie van die waarde? Marshall interpreteer nut as „desire or want”. Indien 'n goed dus voldoen aan die voorwaarde van „desire or want” dan sal dit nut hê. Om dit te weet moet 'n persoon 'n oordeel maak t.o.v. die tegniese vermoë van die goed om te beantwoord aan die doel waarvoor hy dit wil gebruik. Dit lyk dus asof nut verband hou met 'n tegniese oordeel wat weer verband hou met 'n effektiwiteitsoordeel en dit val buite die waardeteorie (uit § 5).

Lamont het egter ook besware ingebring teen die wet van dalende nut.⁴⁰ Die wet word geformuleer na analogie van die wet van afnemende meeropbrengs. Die wet van afnemende meeropbrengs kan volgens Lamont ook geformuleer word as 'n wet van stygende⁴¹ koste en wel produksiekoste. Koste speel wel 'n belangrike rol

40 Lamont, W.D. The Value Judgement, 1955, pp. 88-118.

41 Id. p. 87.

by die waardeoordeel maar dit is 'n besondere tipe koste wat vir die waarde van belang is nl. die „opportunity" koste. Produksiekoste wat wys op 'n gerealiseerde situasie is vir die waarde-teorie van geen belang nie.

Die wet van dalende nut word ook geformuleer vir 'n situasie waar 'n persoon agtereenvolgende eenhede van dieselfde goed gebruik. Agtereenvolgende eenhede van dieselfde goed beteken egter dat daar geen alternatiewe moontlikhede tussen die agtereenvolgende eenhede vir die persoon wat 'n keuse moet maak bestaan nie en daarom geen keuse nie. Die wet kan dus volgens Lamont geen waarderingswet wees nie.

42

Verder is Lamont van mening dat indien 'n persoon agtereenvolgende artikels gebruik dan doen hy dit om 'n voorafgestelde doel te bereik en elke addisionele aanwending van die behoeftebevredigingsmiddel bring die persoon nader aan die doel wat hy wil bereik. Indien dit die geval is sal die agtereenvolgende eenhede nie in nut daal nie want hulle stel die persoon in staat om steeds nader aan die bereiking van sy doel te kom. Wanneer 'n persoon egter agtereenvolgende eenhede van dieselfde goed aanwend vir behoeftebevrediging en die nut van die eenhede daal by agtereenvolgende aanwendinge, soos wat die wet leer, dan betaal die persoon nog steeds dieselfde prys vir die opeenvolgende artikels waarvan die nut kleiner geword het. As die persoon

dan dieselfde betaal vir die goedere waarvan die nut gedaal het dan is dit eintlik 'n wet van stygende nut want die persoon betaal dan relatief meer vir die goed.

Net soos Hicks het Lamont ook beswaar teen die konstante grensnut van geld in die wet van dalende grensnut. Hierdie beswaar het Hicks egter met sy inkome effek in Value and Capital ondervang sodat die beswaar dus hier t.o.v. Hicks verval.

Die besware was tot dusver gerig teen die grondbegrippe wat die „New Welfare Economics” dra. Daar is egter ook besware teen die apparaat van die gedagtegang. Die onverskilligheidskromme is sodanig dat 'n persoon indifferent is t.o.v. verskillende kombinasies van goedere solank as wat hy maar net op dieselfde onverskilligheidskromme is. Maar indifferent t.o.v. die kombinasies beteken dat die kombinasies van die goedere vir die persoon gelykwaardig is en daarom nie alternatiewe nie. Indien daar nie alternatiewe is nie is daar geen keusesituasie moontlik nie. Dit is in stryd met die primêre vereistes by die vergelykende waardeoordeel, want dit veronderstel 'n keusesituasie. Dit is ook in stryd met die aard van die ekonomie-akt - die studieterrein van die Ekonomie - wat o.a. 'n keuse akt is.

Daar is egter verskillende onverskilligheidskrommes en die vraag is of 'n beweging na 'n hoër onverskilligheidskromme nie 'n keuse inhou soos wat Little beweer nie. Indien gelet

word op die aannames onderliggend aan die onverskilligheidskrommetegniek dan impliseer „op 'n hoër onverskilligheidskromme” egter geen keusesituasie nie. Dit is eerder 'n dwingende voorskrif vir die verbruiker wat opgesluit lê in die rasonele optrede. Dit blyk dus dat Little wel die logiese afleiding van die onverskilligheidskromme meer waterdig gemaak het maar dat die grondliggende besware teen die gedagtegang van die „New Welfare Economics” nie daardeur ondervang word nie.

Reeds in § 6 is verwys na Hicks se A Revision of demand Theory waarin hy die standpunt wat hy in Value and Capital ingeneem het geherformuleer het deur veral gebruik te maak van 'n ander tegniek. Die „strong ordering” van hierdie herformulering is reeds in § 6 bespreek. Kenmerkend van die alternatief nl. „weak ordering”, is egter die indifferensie voorwaardes onderliggend daaraan. Indifferensie is egter dat daar geen keuse bestaan nie en die „weak ordering” staan dus buite die waardeteorie.

§ 9. Ekonometriesse beskouings in die waardeteorie.

In hierdie verband was daar ook persone wat hulle geskaars het by die ordinale en ander by die kardinale gedagtegang in sake nutmeetbaarheid. By die ordinale gedagtegang het Samuelson met sy „Revealed Preference” 'n benadering uitgebou wat hoofsaaklik klein lê op die „strong ordering”. Von Neumann en Morgenstern het weer die kardinale teorie gesteun by 'n toepassing van

die waarskynlikheidsrekening op die Ekonomie.

§ 9.1. Samuelson se „Revealed Preference”⁴³.

Samuelson het dieselfde gedagtegang as Hicks gevolg maar dit aangevul met die „Revealed Preference”-gedagte. Omdat die gedagtegang van Hicks reeds aandag geniet het sal hier slegs aandag gegee word aan die bydrae van Samuelson.

Hy het gepoog om d.m.v. hierdie bydrae 'n gedagtegang te ontwikkel wat in ekonometriese ondersoeke bruikbaar moes wees. Die invloed van prys- en inkome veranderinge op die hoeveelhede wat die verbruiker in 'n ewewigssituasie besit het sou dan die aandag moes geniet met as aanname dat die persoon sou poog om sy behoeftebevrediging op die goedkoopste wyse te realiseer. Sy beskouing kan weergegee word aan die hand van versamelings goeder teen gegewe pryse sê:

$$\begin{aligned}
 p_1^0 x_1^1 + p_2^0 x_2^1 + p_3^0 x_3^1 + \dots + p_n^0 x_n^1 &= \sum_{i=1}^n p_i^0 x_i^1 \\
 p_1^1 x_1^2 + p_2^1 x_2^2 + p_3^1 x_3^2 + \dots + p_n^1 x_n^2 &= \sum_{i=1}^n p_i^1 x_i^2 \\
 p_1^0 x_1^1 + p_2^0 x_2^1 + p_3^0 x_3^1 + \dots + p_n^0 x_n^1 &= \sum_{i=1}^n p_i^0 x_i^1
 \end{aligned}$$

Indien 'n persoon die versameling $\sum_{i=1}^n p_i^0 x_i^1$ verkies bo die versameling $\sum_{i=1}^n p_i^1 x_i^2$ beteken dit dat

⁴³ Samuelson, P.A. Foundations of Economic Analysis, 1948, pp. 107-116.

$$\sum_{i=1}^n p_i^0 x_i > \sum_{i=1}^n p_i^0 x_i^1 .$$

Behalwe dat die persoon dan nie $\sum_{i=1}^n p_i^0 x_i^1$ kan kies nie is is die indifferente geval

$$\sum_{i=1}^n p_i^0 x_i = \sum_{i=1}^n p_i^0 x_i^1 \quad \text{uitgesluit.}$$

Die konsekwensie van sy benadering is dat as

$$\begin{aligned} \sum_{i=1}^n p_i^1 x_i &< \sum_{i=1}^n p_i^1 x_i^1 && \text{en} \\ \sum_{i=1}^n p_i^1 x_i &< \sum_{i=1}^n p_i^1 x_i^2 && \text{dan is} \\ \sum_{i=1}^n p_i^1 x_i^2 &> \sum_{i=1}^n p_i^1 x_i \end{aligned}$$

Of die benadering van Samuelson wel ekonometriese betekenis het is nie 'n vraag waarop hier antwoord gegee kan word nie. Wat wel hier ter sprake is, is die vraag of dit teoretiese bruikbaarheid het d.w.s. of dit aspekte van die werklikheid kan verklaar. Die benadering van Samuelson verklaar nie die gedrag van die verbruiker nie dit sê net iets meer oor sy voorkeurskaal. Indien daar verandering kom in die prys en inkome dan kan volgens sy benadering slegs gesê word wat die feitelike voorkeurskaal van die verbruiker is maar die onderliggende oorsake vir die verandering of nie verandering, bly buite beskouing.

44 Sien in die verband Majumdar, T. The Measurement of Utility, 1958, p. 85. Samuelson kan volgens hom nie 'n geval soos die Giffen geval ondersoek met sy benadering nie.

45 .

§ 9.2. Von Neumann en Morgenstern.

Die kardinale meting van nut sou volgens hierdie skrywers wel bruikbaar wees in 'n risikosituasie. Hulle pas die waarskynlikheidsrekening toe om tot 'n verklaring te kom van die gedrag van die verbruiker.

As in ag geneem word dat die waarskynlikheidsrekening ontwikkel is by kansspele en gelot word op die aanname van 'n ewekansige steekproef onderliggend by die toepassing van die waarskynlikheidsrekening dan staan mens skepties teenoor die toepassing van die waarskynlikheidsrekening op ekonomiese data.

Om hierdie rede, en omdat die werk van genoemde skrywers 'n suiwer ekonometriese strekking het val dit buite die bestek van hierdie skripsie en word dit dus nie verder bespreek.

45 Von Neumann, J. en Morgenstern, O. The Theory of games and Economic behavior, 1947.

HOOFSTUK 2.

'n TOEPASSING VAN DIE WAARDETEORIE OP DIE GELDTHEORIE.

§ 1. Inleiding.

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die vraagstuk van geldwaarde. Daar sal nie 'n uiteensetting gegee word van die verskillende bydraes in die literatuur nie maar benaderings wat wel bruikbaar is by die benadering wat hier uiteengesit sal word sal kortliks bygewerk word met die oog op volledigheid.

Daar bestaan egter in die literatuur 'n verwarring m.b.t. geldwaarde in die sin dat die probleem van geldwaarde en die probleem van die verandering van geldwaarde as dieselfde probleem gesien word. Miskien is die belangrikste oorsaak vir hierdie verwarring daarin geleë dat die geldwaardeleer nie gekoppel word aan die algemene waardeleer nie en omdat daar nie 'n verskil gemaak word tussen 'n verklaring van geldwaarde en die verandering in geldwaarde nie. Die konvensionele benadering van geldwaarde in die leerboeke is om die probleem te behandel as 'n probleem van die verandering van daardie waarde. Daarom dan dat tot dus ver die kwantiteitsteorie 'n belangrike plek ingeneem het by die besprekings van geldwaarde.

Ondanks die verwarrings was daar nog telkens probeer

om die geldwaarde met die waardeteorie in verband te bring. Daar was bv. die subjektiewe waardeleer van Von Mises, gegrond op die grensnutleer. Dan was daar ook die gedagte dat omdat vraag en aanbod waarde bepaal, die waarde van geld ook bepaal word deur vraag en aanbod. So 'n beskouing bied egter nie 'n verklaring vir die waarde van geld nie. (Hoofstuk 1 § 1.) Voorbeelde van hierdie beskouing is die van Sir Dennis Robertson en Verriijn Stuart.

Indien uitgegaan word van 'n beskouing oor die verband tussen die geld- en die goederesfeer dan kan die probleem van die geldwaarde moontlik meer sistematies aangepak word.

§ 2. Die verband tussen die geld- en goederesfeer.

Omdat 'n verband gewoonlik 'n skeikbaarheid impliseer moet eers aandag gegee word aan die skeikbaarheid van die twee terreine.

Behalwe vir analitiese doeleindes behoort die terreine ook nog skeikbaar te wees indien daar sprake is van spesifieke probleme wat eie is aan slegs hierdie aspekte van die vak. Dit beteken dus dat, alhoewel die terreine in die praktyk nie van mekaar geskei kan word in geslote kompartemente nie, hulle tog wel onderskeibaar is. In die teoretiese Ekonomie word dit dan ook so gesien en word die geldteorie as een aspek van die vak

gesien. Behalwe hierdie skeibaarheid is daar ook 'n ander skeibaarheid wat Keynes¹ tipeer as een wat daartoe lei dat daar in die geldteorie 'n ander beskouing as in die waardeteorie gehuldig word. So 'n skeibaarheid is onhoudbaar omdat dit beteken dat die waardeteorie nie algemeen geldend is nie.

Om te kom tot die interpretasie van die verband tussen die twee terreine moet gelet word op die aard van die terreine waar tussen daardie verband gelê gaan word. Om die spesifieke verband aan te toon is dit egter ook nodig om te let op die aard van die verband self. Die verbande kan onderskei word in:

- (i) 'n basiese verband - 'n gemeenskaplike basis - en
- (ii) 'n wedersydse tegniese verband wat op die basis plus die tegniek van albei aspekte berus.

Die eerste verband bestaan daarin dat die twee terreine, omdat die waardeteorie die wetenskaplike basis van die vak vorm, in die waardeteorie 'n gemeenskaplike basis het. Vir die geldteorie bestaan dit spesifiek dan daarin dat die analitiese apparaat van die waardeteorie soos in die prysteorie uiteengesit word van toepassing gemaak word by die probleme van die geldteorie. Daar is dan sprake van 'n integrasie tussen die waardeteorie en die geldteorie. Hierdie integrasie kom tot 'n belangrike mate eers tot sy reg by 'n aspek van die geldteorie nl.

1 Keynes, J.M. The General Theory of Employment, Interest and Money, 1936, herdruk 1960, p. 292.

geldwaarde.

Wanneer daar nou in die geldteorie duidelikheid begin bestaan oor geldwaarde en die verandering daarvan, dan word die tweede verband duidelik. Enersyds bestaan dit in die invloed van veranderinge in die geldwaarde op die goederesfeer. Dit is hierdie verband wat ter sprake kom in die General Theory van Keynes wat Hansen tipeer as "changes in the quantity of money and changes in prices"². Alhoewel die aspek van geldwaarde ook ter sprake kom in die teorie van I. Fisher is dit hoofsaaklik hierdie aspek van die tweede verband wat by hom op die voorgrond tree. Dit verklaar hy aan die hand van sy apparaat $MV = PT$.

Die tweede deel van hierdie verband loop van die geldteorie en gaan oor na die goederesfeer en wys op monetêre beleid.

Op die grens tussen hierdie twee verbande lê die probleem van die ewewig tussen die geld- en die goederesfeer. Die wyse waarop die ewewig geformuleer sal word, word terug gevind in die waarde- en prysleer. Dit is dus deel van die integrasie tussen die geld- en waardeteorie. M.b.t. die wedydse tegniese verband is die posisie van hierdie probleem so dat die die ondersoeker instaat stel om die omvang van die kwantitatiewe

2 Hansen, A.H. A Guide to Keynes, 1953, p. 183.

beïnvloeding te analiseer.

'n Beskouing oor geldwaarde behoort dus tuis by die eerste verband en bestaan in 'n integrasie tussen die waardeteorie en die geldteorie. Daar bestaan egter verskillende maniere waarop so 'n integrasie gemaak kan word waarvan hierdie hoofstuk slegs maar 'n aspek van die integrasie is.

§ 3. Geldwaarde.

Dit mag op die oog af lyk asof geld nie waarde het nie en dat dit slegs 'n noemer is vir die waarde van goedere en dienste in die ruilverkeer. Die waarde van geld, as dit waarde het, mag dan selfs nie ter sake lyk nie. Dit is dan met geld soos met 'n skaal. Die gewig van die skaal is nie ter sake nie maar wel die gewig van die goedere wat daarop gewoeg word. Alhoewel die gewig van die skaal nie ter sake is nie maar wel sy tegniese vermoë om die gewig van goedere te meet is dit so, dat as daar fout kom met die meganisme daarvan dit nie meer die gewigte van goedere kan uitdruk volgens die algemeen aanvaarde maatstaf van gewigte nie. As geld nie die waarde van goedere kan uitdruk op 'n betroubare wyse nie dan het daar verandering gekom in die waarde van geld. Net soos die skaal nie meer die gewigte van goedere op 'n betroubare wyse kan weergee as dit uit balans geraak het nie, net so kan geld ook nie die waarde van goedere op 'n betroubare wyse uitdruk as daar verandering gekom het in

die waarde van geld nie. Wat is hierdie waarde? Die konvensionele benadering in die literatuur is om te let op die verandering in die geldwaarde en nie klem te lê op die bepaling van die waarde van geld nie. Die benadering lyk onbevredigend want voordat gesê kan word hoe die waarde van geld verander moet eers gesê word hoe die geldwaarde bepaal word. Dit is 'n logiese vereiste. Maar behalwe dat dit 'n logiese vereiste is, eis 'n juiste teorie oor die verandering in geldwaarde 'n juiste teorie m.b.t. die bepaling van die geldwaarde. Die een moet op die ander bou en as die opvatting i.v.m. die bepaling van die geldwaarde foutief is staan die opvatting oor die verandering van die geldwaarde op losse voet.

Dit lyk onredelik om die geldwaarde te wil bepaal uit hoofde van die waarde van geld nl. 'n dienende funksie in die ruilproses. Eerder moet hier 'n verklaring gesoek word na die verandering in geldwaarde want as 'n tussenskakel in die ruil is daar 'n drieërlei invloed op geld. Daar is die van die persone wat dit hanteer nl. verwagtinge, die van uit die goederesfeer en die van uit die geldsfeer self.

Dit kan ook nie verklaar word uit die feit dat geld intrinsieke waarde het nie. 'n Papier noot kan wel intrinsieke waarde hê wat gelyk is aan die papier waarop dit gedruk is. Dit bied egter nog nie 'n verklaring daarvoor dat dieselfde noot in die ruilverkeer ekwivalent is aan goedere waarvan die waarde

meer is as die van die papier waarop dit gedruk is nie. „In die ruilverkeer“ in die vorige paragraaf is al nader aan die waarheid want die waarde van geld het wel verband met die ruilverkeer. Vir Cruso het 'n papier noot min betekenins solank hy op die eiland is want daar is nie ruilverkeer nie. Die verklaring vir die waarde van geld kan egter nie in die ruilverkeer gevind word nie want voordat daar ruil kan plaasvind moet daar mense wees. Dit is dus nie primêr nie. Die mense gebruik die geld en heg 'n sekere waarde daaraan omrede:

- (i) Die geld 'n offisiële waarde het.
- (ii) Die persoon self daaraan waarde trek.

§ 3.1. Die offisiële waarde.

Vooraf moet gestel word dat hierdie beskouing oor geldwaarde gesteun word deur 'n beskouing oor waarde. Daar word dus nou voortgebou op die resultate van die vorige hoofstuk.

Wanneer die monetêre outoriteit in 'n land geld skep dan word aan die geld 'n waarde toegeken wat daarin bestaan dat daar 'n waardeoordeel gemaak word. As die geld voldoen aan die voorwaarde dat dit 'n algemeen aanvaarde ruilmiddel is en die monetêre outoriteit algemeen erkenning geniet dan is hierdie waarde wat aan die geld toegeken word 'n offisiële waarde. Die individu in die volkshuishouding volg hierdie waar-

de na en koppel sy eie waardeoordeel met die van die monetêre outoriteit sodat dit saamval. Die offisiële waardeoordeel en die individuele waardeoordeel val egter net presies saam in 'n toestand van voldoende investeringsmoontlikhede teen die heersende rentekoers en verwagte winskoers. Indien hierdie toestand nie bestaan nie, oorheers die individuele waardeoordeel en ontstaan swartmark handel met geld.

Hierdie beskouing mag nie verwar word met die beskouing wat in die literatuur bekend staan as die „convention theory" nie. Dit is 'n juridiese verklaring vir die waarde van geld en onvoldoende. Die beskouing wat hier gegee word is daarteenoor gegrond op 'n beskouing volgens die waardeteorie.

Die offisiële waarde kom tot uitdrukking in die ruilverhouding van geld vir geld t.w. die offisiële wisselkoers. Hierdie waarde word deur die monetêre outoriteit outonoom gehandhaaf of deur 'n verandering te bring in die geldhoeveelheid wanneer dit wenslik geag word.

Gegee die omstandighede waarna hier bo verwys is, val die individuele waardeoordeel en die van die monetêre outoriteit saam indien die rentekoers deur die monetêre outoriteit vasgestel word. Indien die rentekoers deur die vrye werking van vraag en aanbod tot stand kom dan kan dit afwyk van wat die monetêre outoriteit sou vasstel. Dit bly egter nog 'n offisiële koers.

§ 3.2. Die individuele waardeoordeel.

Wanneer die offisiële waardeoordeel gemaak is dan kan die privaat persoon in die volkshuishouding die waarde van die geld ken. A.g.v. subjektiewe faktore, bv. dat 'n minder gegoede persoon 'n groter grensbelangrikheid toeken aan die geldeenheid of verwagtinge wat in die grenseffektiwiteit van kapitaal tot uitdrukking kom kan die individuele waardeoordeel nie presies saamval met die offisiële waardeoordeel nie. Omdat die offisiële waarde nog steeds as rig-snoer dien sal daar nie groot verskille wees nie. In abnormale tye kan hierdie harmonie versteur word.

By die individuele waardeoordeel bevind die persoon hom in 'n keusesituasie en weeg hy alternatiewe teenoor mekaar op. Die keuse bestaan daarin dat hy die geld, wat onbepaalde beskikkingsmag is, kan op offer in ruil vir bepaalde beskikkingsmag (d.w.s. vir goedere en dienste) of in onbepaalde vorm kan hou. (in agneming dat die omgekeerde ook moontlik is.) Omdat dit alternatiewe moontlikhede is bring die keusesituasie mee dat as die persoon die een kies, hy die ander sal verbeur. Hy maak 'n vergelykende waardeoordeel m.b.t. die waarde van geld met die offisiële waarde as „ekstreme waarde“. Die keuse wat die persoon maak word gemaak volgens die beginsel van grootste gunstige verskil tussen offer en opbrengs wat tot uitdrukking kom

in 'n „opportunity" koste begrip. Die waarde, soos beliggaam in die waardeoordeel word dan hierdeur gemeet as die alternatiewe behoeftebevrediging wat op geoffer word indien geld aangewend word vir die koop van 'n bepaalde goed.

Stel dat 'n persoon 'n gegewe hoeveelheid geld het en dat daar op 'n gegewe tyd net een goed op die mark aangebied word. By gegewe ruilmoontlikhede sien die situasie soos volg grafies uit.




fig. 3.

Ox_1 is die hoeveelheid onbepaalde beskikingsmag (geld) waaroor 'n persoon beskik. Goed Y word op die Y-as voorgestel. Die helling van die kromme PQ word bepaal deur die grensbelangrikheid van goed Y in terme van geld of die grensbelangrikheid van geld in terme van goed Y. Indien 'n persoon nou besluit om een

eenheid (y_1, y_2) van goed Y te koop en Ox_2 in kontant te hou, beweeg hy van S na T op PQ. Maar die posisie by T is anders as die posisie by S. Die keuse wat gemaak word beru~~x~~ op die beginsel van die grootste gunstige verskil tussen offer en opbrengs. Die offer bestaan in die behoeftebevrediging wat sou gerealiseer gewees het indien die persoon nie y_1, y_2 van goed Y gekoop het nie en die opbrengs bestaan uit die behoeftebevrediging wat hy kry uit y_1, y_2 van Y.

Om situasie T te bepaal moet die offer en die opbrengs bepaal word. Dit kan soos volg gedoen word.

Die opbrengs

Die opbrengs word bepaal vir die geval waar die persoon oor ongespesifiseerde beskikkingsmag beskik. Dit word soos volg bepaal.

- 1) Deur die ruilverhouding wat gerealiseer kan word hetsy of dit as gegee beskou kan word en of dit d.m.v. afdinging bepaal word. (Dus die markvorm)
- 2) Die gewig wat aan die behoefte toegeken word wat m.b.v. die verkrygbare hoeveelheid van die behoeftebevredigingsmiddel bevredig kan word. Hierdie gewig verskil van keusesituasie tot keusesituasie aangesien die stand van die beskikkingsmag na elke keuse wat verrig is, verander.

Die offer

Dit word bepaal deur:

- 1) die stand van die behoeftebevrediging in verhouding tot die beskikbare geld en
- 2) die realiseerbare alternatiewe, waarby die ex ante beskouing deurslaggewend is.

Die posisie op die PQ-kromme kan nou aan die hand van hierdie uiteensetting bepaal word d.m.v. die grenseenheidsanalise.




fig. 4.

waar AC die offer, AR die opbrengs en MC en MR die grenskoste en grensinkoste krommes resp. is. Hiermee is T dan bepaal, want die ooreenkomstige x of y waardes kan nou uit fig. 4 op fig. 3 gesubstitueer word. Dit is 'n ewewigssituasie en wel 'n ewewig-

situasie wat afgelei word m.b.v. die grenseenheidsanalise. Dit word aangedui met 'n raaklyn aan die kromme PQ by die punt T . D.w.s. sodanige situasie waarby die opbrengs uit 'n bepaalde besteding gelyk is aan die „opportunity“ koste van daardie bestedings. Die ewewig wat so bereik word bepaal die waardeverhouding tussen geld en goedere vir 'n persoon. Tot sover is stilswygend aanvaar dat goed Y en die geld nie minderwaardige goedere is nie. Indien dit wel die geval is verander die vorm van die kromme PQ .

Indien 'n persoon hierdie keuse gemaak het soos tot sover uiteengesit, word die proses as afgehandel beskou vir die besondere situasie. Eiena bevind hy hom in 'n nuwe situasie omdat hy ander waardes toeken aan die geld en goed. Die situasie is dan nie onderling onafhanklik nie, of soos Marshall sal sê, die grensnut van geld en goedere het verander. Die situasie word dan met 'n nuwe stel krommes voorgestel en die tweede ewewigposisie $sê T_1$ word aan die hand van dieselfde tegniek bepaal wat weer 'n waardeverhouding tussen geld en goed is.

Deur middel van 'n sommering vir alle persone kan die kromme PV , PQ verkry word wat dus die PQ -kromme vir die hele volkshuishouding is. Die helling daarvan word ook bepaal deur die grensbelangrikheid van geld teenoor goed. A.g.v. hierdie

sommering word nou op die makrovlak beweeg. Op die X-as word M en op die Y-as r voorgestel waar M die geldhoeveelheid en r die rentekoers is. Enige punt op hierdie kromme kan vir 'n besondere situasie die geldwaarde gee. Verskillende punte op die kromme gee egter nie gelykwaardige situasies nie.




fig. 5.

In die makrobenadering kan die geldhoeveelheid as konstant gesien word alhoewel die geldstroom kan verander. Omdat die geldaanbod dan as konstant gesien word sal daar nie verder aandag daaraan gegee word nie. Die vraagfaktore wat die omloopsnelheid van geld bepaal verdien verder die aandag.

§ 3.3. Die faktore wat die vraag na geld bepaal.

Faktore wat die vraag na geld bepaal is faktore wat Ox_1 in fig. 3 bepaal. Soos uit die figuur blyk, bestaan hierdie vraag uit twee dele. Dit kan in verband gebring word met

die funksies van geld. x_1 x_2 stem ooreen met die ruilmiddel-funksie waarby die transaksie-motief om geld te hou op die voorgrond tree en Ox_2 stem ooreen met „store of value” waarby die voorsorg- en spekulasiemotief ter sprake kom. Die faktore kan onder twee hoofde behandel word.

- (i) Faktore wat die vraag na geld beïnvloed (k in die Cambridge kwantiteitsteorie).
- (ii) Faktore wat die omloopsnelheid van geld beïnvloed (V in die kwantiteitsteorie van Fisher).

§ 3.3.1. Faktore wat die vraag na geld beïnvloed.

In hierdie verband was daar verskeie bydraes in die literatuur waarvan die Chicago skool van die belangrikste bydraes gelewer het.

3

Alhoewel Friedman die kwantiteitsteorie verkeerdelik tipeer as 'n teorie van die vraag na geld het hy nogtans die Cambridge kwantiteitsteorie mooi aangevul met sy beskouing oor die vraag na geld. Die vraag word dan volgens hom deur drie faktore bepaal:

- (a) Die totale rykdom wat in verskillende vorme gehou kan word.
- (b) Die prys van een opbrengs uit die rykdom.

3 Friedman, M. (Uitgewer) Studies in the Quantity theory of Money, tweede druk 1958, pp. 3-21.

- (c) Die smaak en voorkeure van die persone wat die rykdom hou.

Rykdom kan weer in verskillende vorme gehou word nl. in geld, obligasies, „equities“, fisiese goedere en „human capital“.

Hieruit lei hy dan 'n vraag na reële geldbalanse af wat 'n funksie is van die inkome uit obligasies, inkome van „equities“ met in agneming van prysveranderinge, die verhouding van rykdom tot inkome, die reële vergoeding van alle vorme van rykdom en verwagtinge.

Vir Selden⁴ is die vraag na geld 'n funksie van die koste om geld te hou (r) en ander veranderlikes (α),

$$D_m = D(r, \alpha).$$

Om die koste om geld te hou te meet gaan hy soos volg te werk. Die houers van kontant offer gewoonlik alternatiewe op waarin die geld belê kon gewees het as dit nie in kontant gehou was nie. Dit kon verbruik of belê gewees het in aandele. Die koste om geld te hou word dan bereken in terme van enige van die alternatiewe. Hierdie koste om geld te hou is dan vir hom dieselfde as die prys van 'n artikel in die terminologie van die prysteorie.

⁴ Id. pp. 179-218.

Na analogie van die vraag na goedere beskou hy die volgende veranderlikes van belang by die vraag na geld: probleem van geld substitute, inkome, smaak en verwagtinge. Dit is dan die ander veranderlikes (o) hier bo.

5

Ook van die kant van Pigou was daar in hierdie verband 'n bydrae. Die hoeveelheid geld wat 'n persoon sal hou word volgens hom bepaal deur: die gerief wat dit hom bied en risiko wat hy, a.g.v. die geld wat hy in kontant gereed het, nie sal dra nie; die verlies aan reële inkome wat hy ly omdat hy die geld nie gebruik vir produksie nie; die bevrediging wat hy sou gekry het as hy die geld sou aanwend vir verbruik. Hierdie drie gebruike is mededingend. Dit gaan dan vir hom om 'n „production use" en 'n „rival money use". 'n Persoon sal sy bronne oor twee aanwendinge verdeel tot op die punt waar die laaste eenheid dieselfde hoeveelheid bevrediging gee vir albei moontlikhede.

'n Hele aantal faktore beïnvloed die „money use". Daar is die wat voortspruit uit die tydsinterval tussen geld ontvangste en betalings. Hierdie faktore spruit dan in hoofsaak uit „convenience", terwyl gewoontes ook in gedrang kom. Die hoeveelheid geld wat persone sal hou sal kleiner word as: meer van die persone bankrekenings open en die leweransiers langer termyn gee vir betaling van rekenings.

5 Pigou, A.C. "The Value of Money", The Quarterly Journal of Economics, 32 (1917-18). Opgeneem in Readings in Monetary Theory (Am. Econ. Ass.), tweede druk 1956, pp. 162-183.

Pigou sien egter verkeerdelik die verklaring van die waarde van geld in die waarde wat bepaal word deur vraag en aanbod. Hierdie gedagtegang is reeds in Hoofstuk 1 bespreek en sal hiermee volstaan word.

'n Meer bekende benadering is die van Keynes wat die vraag na geld in verband gebring het met ⁶ motiewe. Die transaksie-motief wat wys op die behoefte na geld vir lopende transaksies, die voorsormotief wat bepalend is vir die hoeveelheid geld gehou vir toekomstige behoeftes of onvoorsiene uitgawes. Die spekulasiemotief wys op die hoeveelheid geld wat gehou word om voordeel te trek uit die bewegings van die mark. Dit wys veral op die geneigtheid om op te pot wat in die volgende afdeling tui shoort.

§ 3.3.2. Faktore wat die omloopsnelheid van geld beïnvloed.

Omdat snelheid = afstand ÷ tyd, bring Zijlstra ⁷ afstand en tyd in verband met die omloopsnelheid van geld. Die afstand is dan die aantal huishoudings waardeur die geld beweeg vanaf die verbruikshuishouding tot weer by die verbruikshuishouding. Volgens hom is dan: omloopsnelheid van geld = kringloopsnelheid x aantal huishoudings, waar die kringloopsnelheid

6 Keynes, J.M. The General Theory of Employment, Interest and Money, 1936, herdruk 1960, p. 170.

7 Zijlstra, J. De Omloopsnelheid van het geld en zijn betekenis voor gelddwaarde en monetair evenwicht, 1948, pp. 24-26.

dieselfde is as wat algemeen in die literatuur bekend staan as die inkome snelheid van geld (Y/M) waar Y = die nasionale inkomste en M = die geldhoeveelheid.

Die belangrikheid van die omloopsnelheid van geld vir die vraag na geld kan aan die hand van twee vergelykings

$$MV = PT \quad (1)$$

$$M = kPI \quad (2)$$

uit Fisher se teorie en die Cambridge teorie verduidelik word as aangeneem word dat die hoeveelheid goedere in 'n geslote volkshuishouding konstant bly.

Skryf k in (2) as $1/V$. Dan kan (2) in die vorm $MV = PT$ geskryf word. Hieruit volg dat die vraag na geld (k) omgekeerd eweredig is met die omloopsnelheid van geld (V). D.w.s. as die omloopsnelheid styg daal die vraag na geld.

Die faktore wat 'n invloed het op die omloopsnelheid van geld kan onder twee hoofde behandel word nl. objektiewe- en subjektiewe faktore.

§ 3.3.2.1. Objektiewe faktore.

8

Die objektiewe faktore kan volgens Zijlstra herlei word na die vraag, met welke minimum geldhoeveelheid 'n sekere aantal

transaksies gedoen kan word. Minimum wys op die afwesigheid van oppotting d.w.s. die kasbalanse bestaan uit geld vir transaksie doeleindes.

I.v.m. die probleem van objektiewe faktore het Angell en Ellis in die dertiger jare tot interessante resultate gekom waarop Zijlstra voortbou. Hierdie gedagte van Anell en Ellis steun op die begrippe „income- expenditure periods“, „payment intervals“, „degree of overlapping“ en verandering in die aantal produksiestadia.

Die „income-expenditure periods“ is die tyd wat 'n hoeveelheid geld gehou word voordat dit weer uitbetaal word. Die „payment interval“ wys op die tydsverloop tussen soortgelyke ontvangstes en betalings. Die verband tussen hierdie twee groothede word aangedui met die „degree of overlapping“. Volgens Ellis⁹ wys dit op „the actual magnitude of monetary requirement or circuit period (which is realized because of existing relation of income-expenditure periods to payment intervals) in comparison with the maximum and minimum monetary requirements or circuit periods which would be realized by the least and the most 'efficient' relations of income-expenditure periods to payment

9 Ellis, H.S. „Some Fundamentals in the Theory of Velocity,“ The Quarterly Journal of Economics, 52 (1937-38) Opgeneem in Readings in Monetary Theory, (Am. Econ. Ass.), tweede druk 1956, p. 93.

intervals". Die „degree of overlapping" is dan 'n kwantitatiewe uitdrukking van die verband tussen die „income-expenditure periods" en „payment intervals". Dit kan verkry word deur die verskil tussen maksimum geldhoeveelheid (L_x) en die werklike geldhoeveelheid (M) uit te druk in die verskil tussen maksimale en minimale geldhoeveelheid ($L_x - x$).¹⁰ As die „degree of overlapping" nou aangedui word met g , en L die aantal huishoudings, dan is:

$$g = \frac{L_x - M}{L_x - x}.$$

Wanneer $g = 1$ is dit 'n geval van „perfect overlapping". In hierdie geval is die geld benodig 'n minimum en omloopsnelheid bereik 'n maksimum. Die omgekeerde geld as $g = 0$. Zijlstra¹¹ beweer dan dat 'n verandering in die aktiewe geldhoeveelheid d.w.s. as geld tydelik gepot of vinniger uitgegee word, slegs dan 'n invloed het op die omloopsnelheid van geld as dit g beïnvloed.

Hierdie stelling van Zijlstra is nie aan besware ontbloom nie. Dit kan in die volgende modelle aangetoon word.

Stel dat daar drie huishoudings is wat in die tydsbestek van een dag van mekaar goedere en dienste ontvang in ruil vir

10 Zijlstra, J. De Omloopsnelheid van het geld en zijn betekenis voor geldwaarde en Monetair evenwicht, 1948, p. 44.

11 Id. p. 47.

geld. Die „income-expenditure periods" is $\frac{1}{3}$ dag. Die „payment interval" is 1 dag. In die eerste model word 'n gelyke bedrag geld van een volkshuishouding na die ander oorgedra.


In die tweede model lewer huishouding 2 aan huishouding 1 'n hoeveelheid goedere (a). Huishouding 1 betaal egter nie aan huishouding 2 die volle prys van die goedere nie maar net 'n deel daarvan. As die „income-expenditure period" $\frac{1}{3}$ dag vir al die huishoudings is dan is dit duidelik dat daar in model 2, met dieselfde hoeveelheid geld in omloop as in model 1, meer transaksies gedoen is. (Hoeveelheid geld gesien as die note in sirkulasie.) Die omloopsnelheid van geld kan dan a.g.v. die kredietverlening verhoog. Die „degree of overlapping" bly egter dieselfde. Hiermee word ook die teoretiese bruikbaarheid van die apparaat betwyfel. As

i = die „income-expenditure periods";

L = die aantal huishoudings;

m = die „payment interval" is,

dan kan die argument soos volg skematies voorgestel word.



$$iL = m$$

$$\frac{1}{3} \times 3 = 1 = g.$$

$$iL = m$$

$$\frac{1}{3} \times 3 = 1 = g.$$

§ 3.3.2.2. Subjektiewe faktore.

By die subjektiewe faktore kom die probleem van oppotting ter sprake. Daar vind oppotting in die volkshuishouding plaas wanneer geld van die aktiewe sfeer oorgedra word na die nie-aktiewe sfeer. Volgens Zijlstra se definisie van die omloopsnelheid van geld sal dit beteken dat die omloopsnelheid van geld daal. Daar is egter in hierdie verband nie 'n kwantitatiewe maatstaf soos in die geval van die objektiewe faktore nie.

12 Sien in die verband Zijlstra, J. Op. Cit., pp. 52-64.

DEEL II

DIE MAKROVLAK

HOOFSTUK 3.

DIE WELVAARTSBENADERING.

§ 1. Inleiding.

By die makrovlak het die waardeteorie gewoonlik as basis gedien vir die definiering van 'n optimum ekonomiese posisie vir die gemeenskap. Hierdie optimumposisie sou dan as maatstaf dien vir ekonomiese beleidsoorwegings. Dit beteken dat die effektiwiteit van 'n beleidsinstrument getoets moes word na aanleiding daarvan of die invloed van die beleidsinstrumente op die volkshuishouding die gemeenskap nader of verder van die optimumposisie sou laat beweeg. Gewoonlik was aan die optimumposisie gedink as 'n situasie waarin die welvaart van die gemeenskap 'n maksimum ¹ sou wees of soos Meade dit noem, die hoogs moontlike ² lewensstandaard vir die gemeenskap.

Gewoonlik word aanvaar dat die optimumposisie die beste vir die gemeenskap sal wees sonder nadere motivering waarom dit wel die geval behoort te wees. Dit sal egter beteken dat die gedefinieerde optimumposisie in die lug hang en moontlik onaanvaarbaar kan wees. Dit sal egter onbillik wees om die gedagtegang van die skrywers as gevolg hiervan te kritiseer want die grond vir die gedefinieerde optimumposisie kan wel terug gevind

1 Reder, L.W. Studies in the Theory of Welfare Economics, derde druk 1949, p. 14.

2 Meade, J.E. Trade and Welfare, 1955, p. 4.

word in die algemene gedagtegang waaruit hulle besondere gedagtegang spruit. Hierdie algemene gedagtegang het gewoonlik uitgegaan van 'n winsmaksimalisasie aanname of die realisering van eie belang. Dit sal dan meer volledig wees om die optimumposisie as volg te definieer: die welvaart van die gemeenskap sal 'n maksimum wees sodra 'n situasie bereik word (die optimumposisie) waarin die eie belang van elke persoon die beste bevorder sal word. Alhoewel hierdie omskrywing miskien meer volledig is gee dit egter nie meer lig op die probleme verbonde aan die definiering van die optimumposisie nie en sal nog hieraan aandag gegee moet word veral aangesien 'n maksimum eie belang nie noodwendig 'n maksimum welvaart vir die gemeenskap beteken nie.

'n Verdere onduidelikheid m.b.t. die optimumposisie is of dit wys op 'n gerealiseerde of ongerealiseerde situasie.³ Reder praat selfs van welvaart ex ante en ex post. In ooreenstemming met die gedagtes oor waarde in Deel I behoort die optimumposisie te wys op 'n ongerealiseerde situasie. Die standpunt van⁴ Hicks dat die optimumposisie ex ante gesien moet word, word daarom gesteun.

Die verskillende skrywers wat aandag gegee het aan die optimumposisie het min of meer almal een van twee metodes gevolg

3 Reder, R.W. Studies in the Theory of Welfare Economics, derde druk, 1949, p. 14.

4 Hicks, J.R. "The foundations of Welfare Economics." Economic Journal, Des. 1939, p. 708.

in hulle gedagtegang, t.w. 'n partiële ewewig analise of 'n algemene ewewig analise. Dit is interessant dat die skrywers wat van uit die ordinale teorie geredeneer het gewoonlik die algemene ewewig analise gevolg het. Daar sal nou kortliks aandag gegee word aan die belangrikste bydraes in die literatuur oor die optimumposisie.

§ 2. Beskouings in die literatuur in sake die optimumposisie.

§ 2.1. Die beskouing van Pigou ('n partiële ewewig analise).

In navolging van die Utilitariërs bestaan daar vir Pigou 'n verband tussen behoeftebevrediging en welvaart. Welvaart is die somtotaal van die bevrediging van 'n persoon.⁵ Welvaart is ook vir hom meetbaar en die welvaart van die gemeenskap is die somtotaal van die welvaart van die persone. Die invloed van die welvaart van een persoon op die van 'n ander word buite beskouing gelaat en daarom is sy benadering 'n partiële ewewig analise. Volgens hom is die optimumposisie so 'n situasie waarin die behoeftebevrediging 'n maksimum is. Dit word bereik wanneer die grensnut van geld vir almal in die volkshuishouding gelyk is. Om dit te bereik moet inkome van die gegoeë persone in die volkshuishouding oorgedra word na die minder gegoeë persone.⁶

5 Pigou, A.C. The Economics of Welfare, vierde druk 1948, p. 89.

6 Id. p. 89.

Dit is egter nie sonder meer so dat hierdie posisie 'n voldoende kriterium vir 'n optimumposisie kan wees nie want die meer gelyke verdeling van die inkome kan weer tot gevolg hê dat daar onbesette produktiewe kragte in die volkshuishouding kan wees.⁷ Behalwe hierdie beswaar het die aanhangers van die ordinaleteorie geargumenteer dat aangesien dit onmoontlik is om die nut van 'n persoon te meet dit ook onmoontlik is om die nut van die gemeenskap op coreenkomsige wyse te benader. Die gevolg was 'n alternatiewe benadering van die optimumposisie deur Pareto waarop verder voortgebou was deur die aanhangers van die ordinale teorie.

§ 2.2. Die Pareto-optimum en die uitbouing daarvan. ('n Algemene ewewigsbenadering.)

Hierdie groep skrywers het 'n algemene ewewigsbenadering gevolg omdat hulle ook rekening hou met die invloed van die welvaart van die persone onderling op mekaar. So was die optimumposisie vir Pareto bv. sodanig dat niemand in die volkshuishouding na 'n beter posisie kon beweeg sonder dat iemand anders daardeur benadeel word nie. In terme van die onverskilligheidskrommetegniek kan so 'n situasie dus vir twee persone en twee goedere gedefinieer word as 'n gelykheid tussen die grenskoers van substitusie en die ruilverhouding van die goedere by die

Keynes, J.M. The General Theory of Employment, Interest and Money, 1936, herdruk 1960, p. 373.

persone afsonderlik. maar omdat die persone volgens hierdie omskrywing nie noodwendig op die hoogste onverskilligheidskromme is nie is die optimumposisie dus nie skerp gedefinieer nie. Volgens Boulding⁸ is die bydrae van Pareto egter daarin dat hy daarop wys dat daar na 'n sekere punt konflik bestaan tussen die persone vir die bereiking van 'n optimumsituasie. D.m.v. 'n sintese tussen Pareto en Bergson probeer Boulding dan om die Pareto-optimum bepaalbaar te kry. Dit word gedoen d.m.v. 'n "social welfare curve" wat verkry word deur die ordinale nut van die persone in die volkshuishouding te sommeer. Die maksimum punt op hierdie kromme gee dan die optimumposisie op Pareto se "contract curve".⁹

Die grafiese tegniek van Boulding lyk wel aanvaarbaar maar by die sommering van die ordinale nut van die persone maak hy hom skuldig aan die gebruik van die nutmeetbaarheidsgedagte sodat die kritiek t.o.v. nutmeetbaarheid in die literatuur van toepassing is op sy standpunt.

Kaldor het voortgebou op die benadering van Pareto. Indien 'n beleidsmaatregel 'n verhoogde produktiwiteit tot gevolg het en die reële inkome van die volkshuishouding as gevolg daarvan styg dan kan die interpersoonlike nutsvergelykings van die

8 Boulding, K.E. "Welfare Economics" in A survey of contemporary Economics Vol. II Haley, B.F. 1952, p. 19.

9 Die "contract curve" is 'n kromme wat die verskillende ewewigsposisies van 'n stel onverskilligheidskrommes verbind.

kardinale teorie nie 'n kriterium bied aan die hand waarvan besluit kan word op die toepassing van die beleidsinstrument nie. Wat wel volgens Kaldor 'n kriterium kan wees is dat hulle wat in die volkshuishouding verloor a.g.v. die verandering wat die gevolg is van die toepassing van die beleidsinstrument, ten volle vergoed word vir hierdie verlies.¹⁰

11

Hicks het hierdie standpunt van Kaldor onderskryf en ook aandag gegee aan die grensvoorwaardes vir die bereiking van die optimumposisie. Die grensvoorwaardes sou dan noodsaaklike voorwaardes wees vir die bereiking van die optimumposisie. Na Hicks is die grensvoorwaardes verder uitgewerk waarvan Reder en Little seker van die volledigste uiteensettings gegee het. Little het die grensvoorwaardes seers vol ingedeel.¹²

I. Die optimum ruil voorwaardes:

- (a) Die grenskoers van substitusie tussen twee goedere moet dieselfde wees vir alle persone.
- (b) Gelykheid van die grenskoers van substitusie tussen vrye tyd en 'n verbruiksgoed vir alle werkers en verbruikers.

10 Kaldor, N. "Welfare propositions of Economics and inter personal comparisons of Utility." The Economic Journal, September 1939, p. 550.

11 Hicks, J.R. "Foundations of welfare Economics." Economic Journal, Desember 1939, pp. 696-712

12 Little, I.M.D. A Critique of Welfare Economics, 1950, herdruk van die tweede druk 1960, pp. 129-151.

- (c) Die grenskoers van substitusie van een werk vir 'n ander moet gelyk wees vir al die betrokke werknemers.

II. Die optimum produksie voorwaardes:

- (a) Die grensproduk van enige twee produksiefaktore wat in kombinasie gebruik word moet dieselfde wees vir elke kombinasie waarin hulle gebruik word.
- (b) Die prys van 'n produk moet gelyk wies aan die grenskoste.
- (c) Die arbeiders moet betaal word ooreenkomstig die waarde van hulle grensproduk.

III. Die optimum voorwaardes vir spare en investerings:

- (a) Die grenskoers van substitusie tussen likwiede en nie-likwiede middele moet dieselfde wees vir die persone wat albei hanteer.
- (b) Gelykheid tussen die grenskoers van substitusie tussen geld en enige gegewe goed vir persone wat albei gebruik.

Om egter terug te kom tot die Kaldor-Hicks-kriterium kan gelet word op die beswaar wat Scitovsky daarteen gehad het. Volgens hom kan daar a.g.v. die verskuiwing van een situasie na 'n ander 'n sodanige verandering in die verdeling van die inkome

binne die volkshuishouding plaasvind dat die welvaart weer verhoog word as daar 'n verskuiwing na die oorspronklike situasie gemaak word. Die Kaldor-Hicks-kriterium is dus nie voldoende om 'n teenstrydigheid uit te sluit nie. Die beswaar van Scitovsky kan ook so gesien word dat as, volgens die Kaldor-Hicks-kriterium, situasie B beter is as situasie A en die persone in die volkshuishouding wat sal verloor deur 'n verskuiwing van situasie A na situasie B, instaat sal wees om die persone wat by die verskuiwing baat, om te koop („bribe“), sodat hulle nie ten gunste van die verandering na situasie B is nie, dan beteken dit dat situasie B in die eerste geval beter is as situasie A en in die tweede geval dat situasie A beter is as situasie B. Die kriterium is dus nie bevredigend vir 'n optimumposisie nie.¹³

Om hierdie probleem te ondervang vul Scitovsky die Kaldor-Hicks-kriterium aan met die volgende kriterium: die persone wat teen die verskuiwing is moet nie instaat wees om die wat vir die verskuiwing is te oorrede, deur vergoeding om teen die verskuiwing te stem nie.¹⁴

Maar al sou al die bogenoemde kriteria bevredig word dan

13 Meade, J.E. Trade and Welfare, 1955, p. 72.

14 de Scitovsky, T. „A reconsideration of the Theory of Tariffs.“ Review of Economic Studies, Vol. IX 1942. Opgeneem in Readings in the Theory of International Trade (Am. Econ. Ass.), derde druk 1958, p. 362.

15

is die een situasie volgens Little¹⁵ nog maar 'n potensiele beter situasie as die ander, sodat daar nie 'n betekenisvolle besluit geneem kan word nie. Verder steun hy die kritiek van Scitovsky teen die Kaldor-Hicks-kriterium en voeg nog 'n derde kriterium by nl. dat daar 'n oordeel gemaak moet word of die een herverdeling van die inkome in die volkshuishouding beter is as die ander. Alleen wanneer al drie hierdie kriteria bevredig is reken hy kan 'n verstandige besluit geneem word met die oog op beleidsoorwegings.

16

'n Gedagtegang wat aansluiting vind by die van Little¹⁶ is die van Stigler. Daar mag volgens hom nie net gelet word op die maksimalisasering van die nasionale inkome nie, want "dit is nie die enigste doel van die gemeenskap nie. T.o.v. beleidsoorwegings speel die waardeoordeel, of soos hy dit noem, "applied ethics", 'n belangrike rol.

Die Bergson-Samuelson stelsel het ook gebruik gemaak van 'n oordeel maar in hierdie geval was dit 'n oordeel wat van buite kom en wat steun op 'n gesagsposisie. As beginpunt word 'n funksie van alle ekonomiese groothede geneem. Hierdie funksie is dan 'n etiese oordeel wat steun op 'n gesagsposisie. Die oordeel behels ook beslissings t.o.v. goed of sleg en hoër

15 Little, I.E.D. A Critique of Welfare Economics, 1950, herdruk van die tweede druk 1960, p. 99.

16 Stigler, G.J. "The New Welfare Economics." The American Economic Review, Junie 1943, pp. 355-359.

net ordinaal gedefinieer te wees. Die funksie word dan voorgestel as

$$W = W(z_1, z_2, \dots)$$

waar z die moontlike veranderlikes is waarvan baie 'n nie-ekonomiese karakter het.¹⁷

18

Little se beswaar dat dit moeilik is om te bepaal wie hierdie oordeel moet maak en dat dit onversoenbaar is met die beginsel van 'n demokratiese staat is heeltemal geregverdig. Dit kan dan net volgens Little van toepassing wees by 'n outoritaire stelsel maar met die probleem dat die verdeling van die welvaart nie altyd sal kan plaasvind ooreenkomstig die wens van die leespoot nie.

Van heel ander aard as die benaderings hier bo was die van Arrow. Hy probeer 'n oplossing vind deur aansluiting te vind by die sosiale keuse wat vir hom tweeledig is nl. 'n politieke keuse en 'n keuse wat deur persone uitgeoefen word op die mark. Hy wil dan kyk of dit moontlik is om 'n welvaartfunksie af te lei uit die individuele keuse van persone. Daaron definieer hy

17 Samuelson, P.A. Foundations of Economic Analysis, 1948, p. 221.

18 Little, I.M.D. A Critique of Welfare Economics, 1950, herdruk van die tweede druk 1960, p. 121.

dan ook 'n welvaartsfunksie soos volg: „a process or rule which, for each set of individual orderings $R_1, \dots, R_n$ for alternative social states (one ordering for each individual), states a corresponding social ordering of alternative social states, R “.¹⁹

Hy ontwikkel dan 'n „General Possibility Theorem“ wat daarop neerkom dat die meerderheidsbesluit in die volkshuishouding die welvaartsfunksie sal bepaal.

Die vraag is nou of bogenoemde kriteria voldoende is vir 'n optimumposisie. Volgens die uiteensetting in § 1 van hierdie hoofstuk het dit geblyk dat die optimumposisie gedefinieer word op so 'n wyse dat die eie belang van die persone in die volkshuishouding die beste sal realiseer. Ordinaal gesien kan die een situasie beter wees as die ander maar dit is nie duidelik hoe anders tot die optimumposisie gekom kan word as deur die sommering van die eie belang van die verskillende persone in die volkshuishouding nie. 'n Optimumposisie wat so direk verband hou met die eie belang van die persone in die volkshuishouding is egter onbevredigend want die belang van die gemeenskap is nie die totaal van die belange van die individue nie. In die gemeenskaplike belange is daar meer as die som van die individuele belange want uit die bestaan van die gemeenskap kom daar belange na vore wat onbekend is solank 'n persoon hom alleen

19 Arrow, K.J. Social Choice and Individual Values, 1951, p. 23.

bevind. 'n Verdere probleem is dat individuele belange nie in harmonie met mekaar is nie. D.w.s. dat die bevordering van 'n persoon A se eie belang daartoe mag lei dat dit ten koste gaan van persoon B se eie belang.

Dit is duidelik uit die uiteensetting van die verskillende standpunte hier bo dat die tegniese kriterium n.b.t. die optimumposisie gewoonlik daarin bestaan dat dit kwantitatief bepaalbaar is in terme van inkome (geld). Die belange van persone kan egter nie konsekwent gereduseer word tot 'n maatstaf wat in inkome (geld) bereken word nie want die mens het ook nie-materiële belange wat nie in geld uitgedruk kan word nie. Scitovsky se kriterium mag wel hierdie beswaar ondervang in die sin dat die persone wat teen die verskuiwing in die volkshuishouding is wel die wat vir die verskuiwing is omkoop sodat dit nie plaasvind nie. Dit beteken dan dat alhoewel sommige belange nie in geld uitgedruk kan word nie 'n persoon 'n beraming sal maak van die prys wat hy wel sal betaal eerder as om die nie-materiële belange op te offer. Die plek waar die persone hierdie keuse kan uitoefen is gewoonlik die mark, maar omdat daar nie 'n mark bestaan waar die nie-materiële belange teenoor mekaar staan nie kan persone ook nie hul keuse bekend maak nie en kan hulle dus nie die persone wat ten gunste van die verskuiwing is omkoop nie.

Nou is die oplossing van Little en Samuelson dat daar

'n oordeel gemaak moet word. Die oordeel moet wel stel of die verskuiwing in die volkshuishouding goed of sleg sal wees maar op grond waarvan die oordeel gemaak word is nie duidelik nie. Om hierop duidelikheid te kry beteken om die grond vir die oordeel te probeer vind in die agtergrond van die beskouings waaruit dit kom. Net soos hier bo is dit weer die eie belang van die persoon. Nou is daar twee moontlike maniere waarop 'n oordeel op grond hiervan gemaak kan word. Dit kan gegrond wees op die sommering van die eie belang van die verskillende persone of dit kan gegrond wees op die opvatting oor die goeie by die persoon wat die oordeel moet maak. In die eerste geval is die probleem dat daar 'n botsing kan wees tussen die eie en algemene belang en as gevolg hiervan kan dit geen bevredigende kriterium wees nie. In die tweede geval kan die persoon wat die oordeel maak nie 'n besef hê van wat voordelig sal wees vir die gemeenskap nie want dit is vir die mens onmoontlik om die ganse werklikheid te ken. Daarom is die kriterium ook as gevolg hiervan onbevredigend.

In § 1 van hierdie hoofstuk is gestel dat die optimumposisie gewoonlik gedefinieer word met die oog op beleidsoorwegings. Dit is dus veral vir die beleidsman van belang. Die beleidsman moet dus verskillende alternatiewe teenoor mekaar opweeg en tot 'n beslissing kom oor welke moontlikhede hy sal kies ten einde die lewensstandaard van die gemeenskap die beste

te bevorder. Met hierdie beskouing in gedagte blyk dit dat Arrow se benadering onbevredigend is want die verskillende alternatiewe beleidsoorwegings is vir die persone in die volkshuishouding nie alternatiewe waartussen hulle kan kies nie want hulle beskik nie oor voldoende inligting om wel te onderskei tussen die alternatiewe nie. En as hulle nie die alternatiewe kan onderskei nie kan hulle ook nie 'n keuse maak en sodoende 'n meerderheidsbesluit maak nie.

§ 3. 'n Alternatiewe benadering.

Daar sal nou gepoog word om tot 'n alternatiewe definisie van die optimumposisie te kom wat bogenoemde besware sal ondervang. As uitgangspunt dien dat dit redelik lyk om die welvaart van die gemeenskap te definieer in terme van 'n optimumposisie. Die omskrywing van die optimumposisie kan egter tweeledig wees t.w. normatief en tegnies.

§ 3.1. 'n Normatief bepaalde optimum.

Uit die mensbeskouing wat vroër gegee is volg dat die mens as beelddraer van God 'n opdrag van sy Skepper ontvang om die aarde te onderwerp en om daaroor te heers, dus 'n kultuuropdrag. Wanneer die mens die natuur omvorm en iets van homself daar by bring skep hy kultuur. Hierdie arbeid doen die mens

onderhewig aan bepaalde beginsels afhange van wat sy lewens- en wêreldbeskouing is. Die gelowige in Christus poeg om hierdie kultuurarbeid van hom te doen in gehoorsaamheid aan die norme wat deur God gegee is. Die norme geld egter vir die ganse mensheid, gelowiges en ongelowiges, maar is nie bindend soos die natuurwette nie sodat die mens wel die vryheid het om te kies of hy wel sy kultuurarbeid wil doen in gehoorsaamheid aan daardie norme. Die mens bly egter verantwoordelik voor sy Skepper vir die wyse waarop hy sy vryheid gebruik.

Met hierdie uiteensetting van die kultuurnorme wat vir alle mense geld kan dus 'n algemeen geldende normatiewe omskrywing van die optimumposisie van die gemeenskap gegee word. Om die optimumposisie egter slegs in terme hiervan te definieer sou daartoe lei dat dit buite die Ekonomie val. Om nou die omskrywing van die optimumposisie ook met die Ekonomie verband te laat hou kan soos volg te werk gegaan word.

Die mens is geskape as 'n eenheid en alhoewel hy as 'n eenheid optree kan verskillende aspekte van die menslike handeling onderskei word. Ons stel dus belang om die optimumposisie so te formuleer dat dit verbandhou met 'n aspek van die menslike handeling. Indien hierdie aspek van die menslike handeling nou gesien kan word as die studieterrein van die Ekonomie

20

dan kan die probleem opgelos word.

21

Van der Kooij se formulering van welvaart aan die hand van 'n norm t.w. menslike waardigheid, wat daarin geleë is dat die mens geskape is na die beeld van God lê dus buite die studieveld van die Ekonomie en is daarom minder aanneemlik vir die doeleindes van ekonomiese beleidsoorwegings.

As nou daarop gelet word dat om menswaardig te bestaan of om te antwoord op die eis van menslike waardigheid, die mens in roepingsvervulling, beelddraer van God moet wees. Dan en alleen dan sal hy sy Skepper in alles en deur alles verheerlik. Op hierdie stadium is dit duidelik dat die betoog gevoer is tot by die uiteindelijke doel van die ekonomie-akt t.w. 'n verheerliking van God in alles en deur alles. Die optimumposisie word nou normatief gedefinieer aan die hand van die uiteindelijke doel van die ekonomie-akt. Omdat hierdie uiteindelijke doel van die akt nie eie is aan die akt nie beteken dit dat 'n definiering van die optimumposisie in terme daarvan nie weg redeneer dat die mens in sy keuse m.b.t. hierdie optimum steeds as eenheid optree nie. Dit volg ook uit die formulering van die uiteindelijke doel as "in alles en deur alles" waardeur die onmiddellike doel van die ekonomie-beslissing, omdat dit afgelei is uit die

20 du Plessis, F.J. "Mensbeskouing en Ekonomie." 'n Lesing gehou voor die Dusseldorfer studiekring, P.U. vir C.H.C., 1961.

21 van der Kooij, T.P. Om welvaart en Gerechtigheid, 1954, p. 16.

uiteindelijke doel, reeds daarmee rekening hou. Indien dit nie die geval is nie sou daar 'n teenstrydigheid wees. Die mens kan dus nie 'n maksimum gunstige verskil tussen offer en opbrengs verkry en terselfdertyd God nie verheerlik nie want uit hoofde van die uiteindelijke norm sal die offer hoër of die opbrengs laer wees.

Hierdie omskrywing is vry van die beswaar teen die bloot tegniese omskrywing van die optimumposisie in die literatuur want dit oorbeklemtoon nie 'n besondere maatstaf nie. Dit is ook vry van die beswaar teen van der Kooij se standpunt want dit verloor nie die algemeenheid van sy omskrywing nie en dit hou wel verband met die aspek van die menslike handeling waarin hier belang gestel word. Dit ondervang ook die beswaar teen die blote waardeoordeel van Little en Samuelson want dit is wel gegrond in 'n doel nl. die roepingsvervulling van die mens as beeldraer van God.

22

§ 3.2. 'n tegniese optimum.

By hierdie optimum dien as uitgangspunt dat die optimumposisie gedefinieer word met die oog op beleidsoorwegings

22 Theil, H. het in sy Economic Forecasts and Policy, 1956, ook aandag gegee aan 'n tegniese optimum. Omdat sy beskouing 'n suiwer ekonometriese strekking het val dit buite die bestek van hierdie werkstuk en word daarom nie hier bespreek nie.

deur die beleidsman. Dit beteken dat hy uit verskillende alternatiewe moontlikhede, dit is die beleidsinstrumente en die invloed daarvan op die volkshuishouding, 'n keuse sal maak wat so sal wees dat die lewensstandaard (welvaart) van die gemeenskap die beste bevorder sal word. Verder, dat die beleidsman hom alreeds verantwoord het t.o.v. die normatief bepaalde optimum en dat hy 'n bloot subjektiewe beraming kan maak t.o.v. die offer en opbrengs in tegniese sin, van die invloed van die beleidsinstrumente op die volkshuishouding.

Beskou nou hierdie alternatiewe as veranderlikes sodat die welvaart van die gemeenskap 'n funksie van hierdie veranderlikes is.²³ Omdat dit menslik onmoontlik is om die invloed van al die veranderlikes op die volkshuishouding tegelyk te beoordeel formuleer die beleidsman 'n model en laat dit funksioneer om die moontlike invloed van die beleidsinstrumente op die volkshuishouding na te gaan ('n taxonomie benadering). Volgens hierdie metode laat hy dan sommige van die veranderlikes varieer om hulle invloed te bepaal en hou hy die ander konstant. (Dit is nie noodwendig eie aan die taxonomie benadering nie.)

Stel dat 'n funksie soos hier bo genoem kontinu is en gedefinieer word as

23 Tinbergen, J. Economic Policy: Principles and design, 1956, p. 13.

$$w = f(x, y)$$

sodat slegs twee onafhanklike veranderlikes betrek word by die oorwegings van die beleidsman. Die voorwaardes vir die optimumposisie (die maksimum gunstige verskil tussen offer en opbrengs) is dan:

$$\frac{\partial w}{\partial x} = \frac{\partial w}{\partial y} = 0$$

$$\text{en} \quad \frac{\partial^2 w}{\partial x^2} \quad \text{en} \quad \frac{\partial^2 w}{\partial y^2} < 0$$

$$\text{sodanig dat} \quad \frac{\partial^2 w}{\partial x^2} \cdot \frac{\partial^2 w}{\partial y^2} > \left(\frac{\partial^2 w}{\partial x \partial y} \right)^2$$

by 'n punt $x = a, y = b$. In hierdie geval is $f(a, b)$ 'n maksimum waarde van die funksie

$$w = f(x, y).$$

In die algemene geval, waar die beleidsman n veranderlikes betrek by sy oorweging, kan die welvaart van die gemeenskap beskou word as 'n funksie van n veranderlikes.

$$w = f(x_1, x_2, x_3, \dots, x_n).$$

Om die optimum voorwaardes vir hierdie algemene geval te bepaal word eers 'n spesifieke geval beskou met drie onafhanklike veranderlikes $w = f(x_1, x_2, x_3)$ waaruit die voorwaardes vir die algemene geval volg.

Die optimum voorwaardes vir $w = f(x_1, x_2, x_3)$ is

$$\frac{\partial w}{\partial x_1} = \frac{\partial w}{\partial x_2} = \frac{\partial w}{\partial x_3} = 0$$

$$\text{en } d^2w = \frac{\partial^2 w}{\partial x_1^2} dx_1^2 + \frac{\partial^2 w}{\partial x_1 \partial x_2} dx_1 dx_2 + \frac{\partial^2 w}{\partial x_1 \partial x_3} dx_1 dx_3$$

$$+ \frac{\partial^2 w}{\partial x_1 \partial x_2} dx_1 dx_2 + \frac{\partial^2 w}{\partial x_2^2} dx_2^2 + \frac{\partial^2 w}{\partial x_2 \partial x_3} dx_2 dx_3$$

$$+ \frac{\partial^2 w}{\partial x_1 \partial x_3} dx_1 dx_3 + \frac{\partial^2 w}{\partial x_2 \partial x_3} dx_2 dx_3 + \frac{\partial^2 w}{\partial x_3^2} dx_3^2$$

< 0

Dit kan kortliks geskryf word as:

$$\begin{aligned}
 d^2w = & f_{x_1 x_1} dx_1^2 + f_{x_1 x_2} dx_1 dx_2 + f_{x_1 x_3} dx_1 dx_3 \\
 & + f_{x_1 x_2} dx_1 dx_2 + f_{x_2 x_2} dx_2^2 + f_{x_2 x_3} dx_2 dx_3 \\
 & + f_{x_1 x_3} dx_1 dx_3 + f_{x_2 x_3} dx_2 dx_3 + f_{x_3 x_3} dx_3^2.
 \end{aligned}$$

'n Nodige en voldoende voorwaarde hiervoor is dat $d^2w < 0$.

Vir die geval van drie onafhanklike veranderlikes is hierdie voorwaarde:

$$\begin{aligned}
 & f_{x_1 x_1} < 0, \quad \begin{vmatrix} f_{x_1 x_1} & f_{x_1 x_2} \\ f_{x_1 x_2} & f_{x_2 x_2} \end{vmatrix} > 0, \\
 & \begin{vmatrix} f_{x_1 x_1} & f_{x_1 x_2} & f_{x_1 x_3} \\ f_{x_1 x_2} & f_{x_2 x_2} & f_{x_2 x_3} \\ f_{x_1 x_3} & f_{x_2 x_3} & f_{x_3 x_3} \end{vmatrix} < 0
 \end{aligned}$$

In die algemene geval $\left\{ w = f(x_1, x_2, x_3, \dots, x_n) \right\}$
geld nou as maksimum waarde van w :

$$\frac{\partial w}{\partial x_1} = \frac{\partial w}{\partial x_2} = \dots = \frac{\partial w}{\partial x_n}$$

$$\text{en } \begin{vmatrix} f_{x_1 x_1} < 0, & f_{x_1 x_1} & f_{x_1 x_2} \\ & f_{x_1 x_2} & f_{x_2 x_2} \end{vmatrix} > 0,$$

$$\begin{vmatrix} f_{x_1 x_1} & f_{x_1 x_2} & f_{x_1 x_3} \\ f_{x_1 x_2} & f_{x_2 x_2} & f_{x_2 x_3} \\ f_{x_1 x_3} & f_{x_2 x_3} & f_{x_3 x_3} \end{vmatrix} < 0, \dots\dots\dots$$

$$\dots\dots\dots, \begin{vmatrix} f_{x_1 x_1} & \dots\dots\dots & f_{x_n x_1} \\ \vdots & & \vdots \\ f_{x_1 x_5} & \dots\dots\dots & f_{x_n x_5} \\ \vdots & & \vdots \\ f_{x_1 x_n} & \dots\dots\dots & f_{x_n x_n} \end{vmatrix} \begin{array}{l} > 0 \text{ as } n \\ \text{ewe is} \\ < 0 \text{ as } n \text{ on-} \\ \text{ewe is.} \end{array}$$

skryf

$$f_{x_1 x_1} \text{ as } f_{11}$$

$$f_{x_2 x_2} \text{ as } f_{22}$$

$$f_{x_1 x_2} \text{ as } f_{12}$$

dan volg uit

$$\begin{vmatrix} f_{11} & f_{12} \\ f_{12} & f_{22} \end{vmatrix} > 0$$

dat $f_{11} f_{22} - f_{12}^2 > 0$

$$\therefore f_{11} f_{22} > f_{12}^2,$$

wat dieselfde voorwaarde gee as in die oorspronklike geval van twee onafhanklike veranderlikes nl.

$$\frac{\partial^2 w}{\partial x^2} \frac{\partial^2 w}{\partial y^2} > \left(\frac{\partial^2 w}{\partial x \partial y} \right)^2. \quad \left[\begin{array}{l} x_2^2 \text{ geskryf} \\ \text{as } y^2 \end{array} \right]$$

Uit $f_{11} < 0$ volg $\frac{\partial^2 w}{\partial x^2} < 0$

Omdat f_{12}^2 positief is en f_{11} negatief is moet f_{22} negatief wees, waaruit volg dat

$$\frac{\partial^2 w}{\partial y^2} < 0 \quad \left[\begin{array}{l} x_2^2 \text{ geskryf} \\ \text{as } y^2 \end{array} \right]$$

Dit is dieselfde voorwaarde as in die geval van twee onafhanklike veranderlikes nl.

$$\frac{\partial^2 \omega}{\partial x^2} \text{ en } \frac{\partial^2 \omega}{\partial y^2} < 0.$$

Dit is 'n optimumposisie vir die geval waar $x_1 = a_1$, $x_2 = a_2$, $x_3 = a_3$,, $x_n = a_n$ en wel bepaal aan die hand van die partiële ewewig analise. Dit beteken dat die invloed van slegs een veranderlike per keer die aandag van die beleidsman geniet en dat 'n *ceteris paribus* aanname t.o.v. die ander $n-1$ veranderlikes geld.

Soos hier bo gestel is daar wel uit hoofde van die mens-beskouing regverdiging vir so 'n metode dog, daar kan ook beswaar daarteen ingebring word. Hierdie beswaar is hoofsaaklik teen die realiteitswaarde van die *ceteris paribus* aanname want in die realiteit kan die invloed van die beleidsinstrumente op die volkshuishouding nie altyd in isolasie van mekaar beskou word nie.

BRONNELYS.

- American Economic Association : Readings in the Theory of International Trade, Allen en Unwin, derde druk 1958.
- _____ : Readings in Monetary Theory, Allen en Unwin, tweede druk 1956.
- Arrow, K.J. : Social Choice and individual Values, John Wiley & sons, Inc., 1951.
- Calvijn, J. : Instituut of onderwijzing in den Christelijken Godsdienst, Dl. I, W.D. Meinema, Delft, 1931. (Uit Latyn vertaal deur Dr. A. Sizoo.)
- du Plessis, F.J. : „Die Sistematisering van die Ekonomie.” Klaslesing Hanns.- B.Comm-studente 1961, P.U. vir C.H.C.
- _____ : „Mensbeskouing en Ekonomie.” 'n Lesing gehou voor die Wysgerige Studiekring, P.U. vir C.H.C., 1961.
- Friedman, L. : Studies in the Quantity Theory of money, Chicago, tweede druk 1958.
- Haley, B.F. : A Survey of Contemporary Economics Vol. II, Richard D. Irwin, Inc., 1952.
- Hansen, A.H. : A Guide to Keynes, Mc Graw-Hill, 1953.
- Hicks, J.R. : A Revision of demand Theory, Oxford, herdruk 1959.
- _____ : Value and Capital, Oxford, tweede druk 1946.
- _____ : „The Foundations of Welfare Economics.” Economic Journal, Desember 1939.
- _____ : „Robbins on Robertson on Utility.” Economica, Mei 1954.

- Keynes, J.M. : The General Theory of Employment Interest and Money, Macmillan, 1936, herdruk 1960.
- Kaldor, N. : "Welfare Propositions of Economics and interpersonal comparisons of Utility." Economic Journal, September 1939.
- Lamont, W.D. : The Value Judgement, Edinburgh, tweede druk 1956.
- Little, I.D. : A Critique of Welfare Economics, Oxford, 1950. Herdruk van die tweede druk 1960.
- Majumdar, T. : The Measurement of Utility, Macmillan, 1958.
- Marshall, A. : Principles of Economics, Macmillan, 1890, herdruk van die agste druk 1959.
- Marx, K. : Capital: A Critical analysis of Capitalist production, Allen en Unwin, 1938.
- Meade, J.E. : Trade and Welfare, Oxford, 1955.
- Meek, J.L. : Studies in the Labour theory of Value, Lawrence en Wishart, 1958.
- Pigou, A.C. : The Economics of Welfare, Macmillan, vierde druk 1948.
- Reder, M.W. : Studies in the Theory of Welfare Economics, Columbia, derde druk 1949.
- Robbins, L. : An Essay on the nature and significance of Economic Science, Macmillan, tweede druk 1935.
- _____ : The Economist in the twentieth Century and other Lectures in Political Economy, Macmillan, 1956.
- Robertson, D.H. : Utility and all that and other Essays, Allen en Unwin, tweede druk 1954.

- Samuelson, P.A. : Foundations of Economic Analysis,
Harvard, 1948.
- Stigler, G.J. : „The New Welfare Economics." The American Economic Review, Junie 1943.
- Theil, H. : Economic Forecasts and Policy, North-Holland Publishing Co., Amsterdam, 1958.
- Tinbergen, J. : Economic Policy: Principles and design, North-Holland Publishing Co., Amsterdam, 1956.
- van der Kooy, T.P. : Om Welvaart en gerechtigheid, N.V. Gebr. Zomer en Keunings, Wageningen, 1954.
- _____ : Op het grensgebied van Economie en Religie, N.V. Gebr. Zomer en Keunings, Wageningen, 1953.
- _____ : Tussen beginsel en belang, N.V. Gebr. Zomer en Keunings, Wageningen, 1955.
- Verrijn Stuart, G.M. : Geld, Crediet en Bankwezen Dl. I, N.V. Uitgevers-maatschappij v/h Delwel 'S-Gravenhage, agste hersiende druk.
- Von Neumann, J. en Morgenstern, O. : Theory of Games and Economic behavior, Princeton, 1947.
- Wicksell, K. : Value Capital and Rent, Allen en Unwin, 1954.
- Zijlstra, J. : De Omloopsnelheid van het geld en zijn betekenis voor geldwaarde en monetair evenwicht, H.E. Stenfert Kroese's Leiden, 1948.